



**Wes-Kaapse
Regering**



Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

Jaarlikse Prestasieplan 2022/23



**Wes-Kaapse
Regering**

VIR JOU

Maatskaplike Ontwikkeling

**Wes-Kaapse Regering
Departement van Maatskaplike
Ontwikkeling**

**Jaarlikse Prestasieplan vir
2022/2023**

Vrywaring

Die Engelse weergawe van die Jaarlikse Prestasieplan word as die amptelike teks beskou. Die departement kan nie aanspreeklik gehou word vir enige waninterpretasie wat in die vertalingsproses voorgekom het nie.

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan is opgestel deur die Hoofdirektoraat Sakebeplanning en -strategie, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

Vir bykomende afskrifte van hierdie dokument, tree asseblief in verbinding met:

Die Departementshoof

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

Privaat sak X9112

Kaapstad

8000

Suid-Afrika

Tel.: +27-21-483 5121

E-pos: DSDBusinessPlanning@westerncape.gov.za

PR: 05/2022

ISBN: 978-0-621-49988-9

Titel van publikasie: Wes-Kaapse Regering Departement van Maatskaplike Ontwikkeling Jaarlikse Prestasieplan vir 2022/2023

Tolvrye nommer: 0800 220 250

Webwerf: <http://www.westerncape.gov.za>

Verklaring deur Uitvoerende Gesag

Armoede en werkloosheid het weens die COVID-19-pandemie ongekende vlakte bereik en dit is vererger deur die uitgerekte streng vlakte van inperking wat aan landsburgers opgelê is. Baie burgers in ons land en provinsie ervaar droefheid, verlies en trauma. Talle persone moes afsien van hulle werk, informele bronne van inkomste en hulle huise en bates wat lewens en lewensbestaan handhaaf. Die impak van hoë werkloosheid, armoede en talle maatskaplike euwels in gemeenskappe het geleid tot 'n toename in die afhanklikheid van staatsondersteuning.

Die COVID-19-pandemie het baie uitdagings gestel, maar dit sal die departement nie daarvan weerhou om 'n omvattende netwerk maatskaplike-ontwikkelingsdienste doeltreffend én doelgerig aan die armes, die kwesbaires en persone met gestremdhede te lewer nie.

Die belangrike rol van die gesinseenheid in die bekamping van die talle maatskaplike euwels wat ons gemeenskappe teister, sal die departement se aandag geniet.

Die departement sal konsentreer op gesinne in nood om veilige en beskermde gesinsomgewings binne gemeenskappe te bevorder. Hulp sal verleen word om gesinsgeweld en geslagsgebaseerde geweld, middelgebruiksteurings, jeugdiges in gevaar en bemiddeling aan te pak.

Gegewe die begrotingsbeperkings en die aanhoudende sosio-ekonomiese uitdagings waarvoor die mense van ons provinsie te staan kom, veral die kwesbaires, sal ons alle dienste en programme evalueer en prioriteit gee aan dié wat verseker dat daar in die basiese menslike behoeftes van ons inwoners voorsien word, soos gewaarborg in die Grondwet.

Die departement se strategiese plan word onderstut deur die regering se reaksie op die COVID-19-pandemie en wat daarop volg. Ons het ook prioriteitsgebiede geïdentifiseer wat die kern van ons reaksie sal wees, naamlik om geweld teen vroue en kinders te voorkom, maklik toeganklike en hoëgehalte-behandelingsdienste te voorsien aan individue wat middelgebruiksteurings ervaar, en om te verseker dat maatskaplike welsynsdienste aan persone met gestremdhede beskikbaar is.

Die COVID-19-pandemie het vir ons 'n les van ootmoedigheid geleer – wanneer die regering, die burgerlike samelewing en gemeenskappe saamwerk, kan soveel meer bereik word wanneer die swaarkry wat ons burgers ondervind, aandag moet geniet. In hierdie opsig sal ons voortgaan om ons verhoudings met verskeie belanghebbendes regoor die samelewing te verstrek ter ondersteuning van ons pogings om die lewens van ons kwesbaarste inwoners te verbeter.

Die burgers van hierdie provinsie sal steeds die middelpunt van ons dienste wees – wat ons lewer en hoe ons dit lewer sal daarop gerig wees om die waardigheid van elke individu, huishouding en gemeenskap te handhaaf. Die pad vorentoe is beslis 'n uitdagende een, maar dis 'n taak wat ons te boeie kan kom as ons met gemeenskappe kan saamwerk op 'n raadplegende wyse wat erkenning gee aan die sterk punte van gemeenskappe, en nie net die swak punte nie.

COVID-19 het ons nie alleen 'n geleentheid gebied om weer na die praktyk van maatskaplike werk te kyk nie, maar dit was ook 'n geleentheid om sterker verhoudings met ons burgers en gemeenskappe te bou en hulle aan die voorpunt te plaas van alles wat ons doen.

Sharna Fernandez
Uitvoerende Gesag van die Wes-Kaapse Regering:
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
Maart 2022

Verklaring deur Rekenpligtige Beampte

Suid-Afrika het voortgegaan om by die realiteit van COVID-19 aan te pas, met vernuwendende denkwyses wat die norm geword het. Die uitrol van ekonomiese stimulusprogramme en ondersteunende beleide en aksies, soos die landwye inentingsprogram, was die begin van 'n ekonomiese herselfase namate die land 'n nuwe normaal betree. Nietemin, COVID-19 het steeds 'n beduidende impak op die ekonomiese vooruitsigte van die land. Die ekonomiese verlangsaaming en gevolglike toename in werkloosheid, armoede, ongelykheid en hoë vlakke van misdaad en geweld het die vraag na en vir gespesialiseerde maatskaplikelewelsyn- en gemeenskapsontwikkelingsdienste vergroot. Die golwe van COVID-19-infeksies het met hoër risiko's gepaard gegaan en die daaropvolgende inperkingsfasen het die sosiale ongelykhede van gemeenskappe en huishoudings in die provinsie vererger.

Die ekonomiese verlangsaaming het ook die nasionale fiskus beïnvloed en die gevolglike begrotingsbesnoeiings het ons genoodsaak om moeilike besluite te neem oor hoe om hulpbronne ten beste vir optimale impak toe te ken, gegewe die groeiende vraag na dienste. Hierdie besluite is aangedryf deur beleid en die opweeg van begrotingstoekennings terwyl die departement worstel met krimpende fiskale hulpbronne en terselfdertyd poog om die beoogde uitkomste van sleutelnationale en provinsiale prioriteite te bereik. Die volhoubaarheid van ons sleutelvennote in dienslewering, die OSW-sektor (organisasies sonder winsbejag), is ook deur die beperkte ekonomiese omgewing geraak.

Ongeag die uitdagende en beperkte omgewing, bly die departement daartoe verbind om 'n inklusiewe, veilige en volhoubare samelewing te bevorder en die welstand en waardigheid van die mense wat deur die departement bedien word, te handhaaf. Die departement sal bly fokus op sy intervensies wat statutêr en deur die hof vereis word en met die fokusareas van die Wes-Kaapse Herstelplan ooreenstem, veral sorg- en beskermingsdienste, die bekamping van geslagsgebaseerde geweld (GGG), die ondersteuning van haweloses, en die verskaffing van humanitaire noodlenigingsondersteuning aan gemeenskappe in nood.

Met 'n volgehoue fokus op die handhawing van die regte en beskerming van kinders, sal die departement verseker dat alle belangrike statutêre dienste aan kinders gelewer word. Verder sal die voortgesette implementering van programme en ingrypings vir voorkoming en vroeë intervensie (VVI), insluitend gemeenskapsgebaseerde voorkomings- en vroeë-intervensië-dienste soos die Risiha-model (voorheen Isibindi), inloopsentrums, naskoolsorg- (NSS) en Oog-op-die-Kind-program sterker bewustheid onder gesinne en gemeenskappe skep om die welstand en beskerming van kinders te verbeter. Bewusmaking oor ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van kinders met uitdagende gedrag sal geïmplementeer word, en die departement sal psigososiale en terapeutiese ondersteuningsdienste vir hierdie kinders aanbied. Die departement het 'n tussentydse verwysingsroete met sleutel- provinsiale belanghebbendes ingestel om kinders met ontwrigtende gedragsversteuring in die kinder- en jeugsorgsentrum (KJSS'e) te akkommodeer. Die departement sal gedurende 2022/23 die befondsing wat voorsien word aan OSW's wat kinders met gestremdhede huisves, inkrementeel verhoog, in ooreenstemming met die NAWONGO-hofuitspraak. Hierdie addisionele befondsing sal die vermoë van KJSS'e verbeter om in die behoeftes van kinders met gestremdhede te voorsien.

Alternatiewe sorgdienste sal versterk word met die implementering van die Pleegsorgbestuursplan, die opleiding van veilige ouers en die instelling van die webgebaseerde pleegsorgmoniteringstelsel om die agterstand in pleegsorg in die provinsie te verminder. Die onlangse implementering van artikel 125 van die Kinderwet (2005) het toepaslike provinsiale maatskaplike-ontwikkelingspersoneel en aangewese kinderbeskermingsorganisasies (AKBO's) in staat gestel om inligting direk vanaf die Nasionale Register vir Kinderbeskerming te bekom. Dit sal die omkeertyd vir pleegsorgplasings en -verlengings aansienlik verbeter en sodoende die veilige en beveiligde omgewing vir die kind voortdurend moontlik maak. Om die provinsie se reaksie op kinders wat sorg en beskerming benodig, verder te versterk, sal die departement in die komende boekjaar begin met 'n oorsig van die Wes-Kaapse Regering se Kinderbeskermingstrategie.

Veral die sektor vroeëkinderontwikkeling (VKO) is tydens die COVID-19-pandemie swaar getref. Benewens die ondersteuning wat deur die departement aangebied word, is die VKO-stimuluspakket in Februarie 2021 bekendgestel om die volhoubaarheid van die sektor verder te ondersteun. Teen die middel van Februarie 2022 is betalings uit die VKO-stimuluspakket aan toelae-ontvangers by 1 327 terreine gemaak. Om 'n gladde oorgang van die VKO-funksie na die Wes-Kaap Onderwys-departement (WKOD) en minimale ontwrigting van die sektorpersoneel te verseker, sal hulpbronne en data-inligting met ingang van 1 April 2022 na die WKOD oorgedra word. NSS bly egter die verantwoordelikheid van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO). Hierdie sentrums sal steeds deur middel van akademiese aktiwiteite, mentorskap, en voedings- en ontspanningsaktiwiteite noodsaaklike dienste aan kinders van skoolgaande ouderdom voorsien.

Die verskaffing van sorg, ondersteuning en bemagtiging aan slagoffers van misdaad en geweld, veral vroue en kinders, vereis 'n hele-samelewing-benadering. Hierdie benadering vorm die grondslag vir die implementering van die Wes-Kaapse Regering (WKR) se GGG-implementeringsplan, wat bestaan uit intervensies deur alle WKR-departemente om die plaag van GGG aan te pak. GGG-diensverskaffing sal 'n sleutelfokusarea vir die 2022/23-boekjaar wees en sluit die voorsiening van noodskuilings in hoërisikogebiede asook skuilingsdienste oor die kort termyn in. Met die ses addisionele GGG-skuilings wat in 2021/22 in diens gestel is, kon die departement daarin slaag om noodsaaklike herstellende en genesende intervensies in ondertoegeruste landelike gebiede uit te brei en te implementeer. Die departement sal in die komende jaar voortgaan met die implementering en ontwikkeling van verwysingsroetes vir slagoffers van GGG wat in die departement se befondsde OSW-sentrums vir slagofferbemagtiging (skuilings) gehuisves word, om hulle te help om maklik toegang tot gespesialiseerde behandeling vir middelmisbruik en rehabilitasiedienste te verkry. GGG-voorkomingsopleiding sal ook deel van die hoofstroom in alle KJSS'e gemaak word wat dus die gespesialiseerde en veeldoelige programme wat reeds by hierdie sentrums in plek is, sal uitbrei.

Gegewe die groeiende vraag na tydelike veilige verblyf, het die departement in 2021/22 befondsing na nog nege skuilings vir hawelose volwassenes uitgebrei. Die departement sal in die 2022/23-boekjaar voortgaan om skuling en herintegrasdienste by die 32 befondsde skuilings aan hawelose volwassenes te verskaf. Hierdie skuilings bied ook beradingsdienste en lewensvaardigheid-programme aan hawelose volwassenes om hulle met herintegrasie in hul gemeenskappe van oorsprong te help.

As deel van hulle humanitêre noodlenigingspogings, voorsien die departementele gemeenskapsvoeding-en-ontwikkelingsentrums (GVOS'e) voedingsondersteuning aan huishoudings wat voedselonsekerheid ervaar. Deur middel van 'n benadering van geteikende voeding sal gekookte maaltye in die komende jaar aan kwalifiserende begunstigdes by 105 voedingsentrums regoor die provinsie voorsien word. Verder sal 411 gemeenskapskombuise ondersteun word om bestaande voedingsdienste aan te vul, veral in landelike gemeenskappe. Ander programme vir maatskaplike beskerming sluit die fasilitering van geleenthede vir werkskepping deur die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) in. Die UOWP is 'n belangrike departementele program wat armoede- en inkomsteverligting deur tydelike werkgeleenthede vir werklooses bied en is 'n sleutelinstrument vir inkomste-oordragte na arm huishoudings oor die kort tot medium termyn.

Die departement sal op die gebied van rampverligting voortgaan om die kapasiteit vir maatskaplike noodleniging op streeksgebied te versterk om te verseker dat kwesbare individue toegang tot humanitêre noodlenigingsdienste ontvang. Hierdie dienste sluit in psigososiale ondersteuningsdienste, materiële goedere en/of kontanttoekennings wat deur onder meer die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (SASSA) gelewer word. Die departement sal voortgaan om met sleutelvennote te skakel om te verseker dat gehaltdienste gedurende tydperke van onnodige swaarkry en rampgevalle aan kwesbare individue verskaf word.

'n Belangrike bevorderaar van veerkragtige gesinne en veiliger gemeenskappe is gemeenskapsgebaseerde en residensiële dienste wat die risiko verminder dat kinders, jeugdiges en volwassenes misdrywe pleeg of met die geregtbots. Die departement het sy skoolgebaseerde misdaadvorkomingsprogramme na die misdaadbrandpuntgebiede asook die landelike gebiede van die provinsie uitgebrei. Bewusmakings- en voorkomingsprogramme wat gesinne teiken, sal daarop fokus om psigososiale ondersteuning en gespesialiseerde intervensies te bied, veral ten opsigte van GGG. Die implementering van die proefgevalbestuurstelsel wat deur die nasionale Departement van

Maatskaplike Ontwikkeling (NDMO) ontwikkel is ter verbetering van huidige proefdienste wat aan kinders gebied word, word vir die 2022/23-boekjaar in die vooruitsig gestel. Verhoorafwagende kinders in KJSS'e en gemeenskapslede, asook hulle ouers/versorgers/familielede wat aan proefdienstesprogramme deelgeneem het, sal steeds deur middel van nasorg-/herintegrasie-ondersteuningsdienste noodsaaklike terapeutiese en psigososiale berading ontvang.

Geïntegreerde dienste en programme wat deur die departement aangebied word, sal voortgaan om die bevordering en welstand van persone met gestremdhede te faciliteer. Hierdie dienste behels onder meer gemeenskaps- en residensiële-gbaseerde dienste, asook beskermende werkswinkels en verposingsorgdienste. Om die klem op die lewering van dienste aan persone met erge en diepgaande intellektuele gestremdhede te handhaaf, sal die departement met die Departement van Gesondheid (DvG) saamwerk aan OSW-nakoming van die Wet op Geestesgesondheid (2002). Die departement sal ook voortgaan om die WKOD se opvoedkundige en ondersteuningsprogramme by sy spesialeorgsentrums vir kinders met erge en diepgaande intellektuele gestremdhede by te staan.

Die departement se intervensies in die jaar wat voorlê sal die welstand en veiligheid van ouer persone in die provinsie ondersteun. Hierdie intervensies sal fokus op residensiële fasilitete en gemeenskaps-gbaseerde sorgondersteuningsdienste vir ouer persone. Die implementering van die mentorskapmodel sal verseker dat die departement ondersteuning bied aan OSW's se residensiële fasilitete wat probleme met die nakoming van norme en standaarde ervaar. 'n Ewe belangrike model vir tuisgebaseerde sorg sal geïmplementeer word om 'n gemeenskapsgbaseerde benadering te ondersteun en te verstrek ten einde bestaande dienste aan ouer persone te handhaaf en te ondersteun, gerugsteun deur modelle vir alternatiewe sorg en ondersteuning aan gemeenskappe met die grootste behoefte aan hierdie dienste.

Dwelmgebruik en -misbruik stel voortdurend eise aan die gesondheid, veiligheid en welstand van individue, gesinne en gemeenskappe in die provinsie. Die departement sal in reaksie op hierdie voortdurende las 'n multi-belanghebbende-benadering aanneem, wat ander staatsorgane en die burgerlike samelewing insluit, om dienste te lewer wat voorkoming, behandeling, herstel en herintegrasie beklemtoon. Hierdie dienste sal gelewer word deur middel van gemeenskaps-gbaseerde behandelings- en nasorgprogramme wat fokus op die jeug en volwassenes in die provinsie se hoërisikogebiede en in die landelike gebiede. Ter ondersteuning van hierdie programme sal die departement voortgaan met sy skoolgebaseerde programme, opleiding en kapasiteitsbou-intervensies wat gerig is op universiteitstudente en diensverskaffers, en sal ook nakoming van sy statutêre verpligtinge en die registrasie van sentrums vir binnekasiënt-behandelingsdienste verseker. Plaaslike dwelmaksiekomitees (PDAK's) is die sleutel tot die bevordering van gemeenskaps-betrokkenheid by die bekamping van middelgebruiksteurings (MGS'e). Gedurende die 2021/22-boekjaar is 20 PDAK's ingestel, waarvan 10 ten volle funksioneel was en die res in die proses van instelling is. Die ander 10 munisipaliteite wat nog nie hulle PDAK's ingestel het nie, ontvang tans opleiding en ondersteuning om ten volle funksioneel te wees. Om die voorkoms van MGS'e in die provinsie te bekamp en te verminder, het die departement 'n proses begin om 'n Provinciale Dwelmmeeesterplan te ontwikkel, wat ooreenstem met die implementering van die sewe strategiese doelwitte wat in die Nasionale Dwelmmeeesterplan (2019-2024) uiteengesit is.

Die jeug word buite verhouding deur werkloosheid en armoede geraak. Die departement sal voortgaan om programme en intervensies te voorsien wat die holistiese, positiewe ontwikkeling van jongmense fasiliteer om produktiewe individue as gesins- en gemeenskapslede te wees. Om die jeug in staat te stel en te help om hulle potensiaal te ontwikkel, sal die departement opleiding in digitale geletterdheidsvaardighede verskaf, entrepreneurskap stimuleer, en basiese digitale bevoegdhede ontwikkel om die digitale gaping te vernou, met 'n klem veral op jongmense in landelike gemeenskappe wat nie in diens, onderwys of opleiding is nie (NEET's). Verder sal die departement naskoolprogramme by jeugkafees aanbied om jeugdiges in oorgang (graad 10-12) met akademiese en algehele vaardighedsontwikkeling te ondersteun. Ander aanbiedinge by jeugkafees sluit in kursusse in gebaretaal; seksuele gesondheid-verwante dienste om bewustheid oor die voorkoms van GGG te skep; berading oor dwelms en alkohol, asook gemeenskapsgbaseerde intervensies vir misdaadvoorkoming. Ter versekering van die waardigheid en selfagting van jong meisies en jong vroue wat WKOD- geïdentifiseerde skole bywoon en in DMO-befondsde KJSS'e geplaas is, sal die

sanitêre-waardigheid-projek voortgaan om gedurende die 2022/23-boekjaar toegang tot sanitêre produkte te verskaf. Teen Januarie 2022 is 791 100 pakkies sanitêre doekies aan 223 skole regoor die provinsie versprei.

Gesonde oorsigbestuur, verantwoordbaarheid en deursigtigheid is noodsaaklik om doeltreffende en effektiewe dienslewering deur die ongeveer 1 000 befondsde OSW's van die DMO te verseker. Hierdie OSW's word ondersteun deur middel van 'n holistiese benadering wat gefokus is op wetgewing- en nakomingsverwante angeleenthede, soos uiteengesit in die Wet op Organisasies sonder Winsbejag (1997). Hierdie benadering maak voorsiening vir uitgebreide opleidings- en mentorskapprogramme wat gerig is op die bevordering van die OSW's se algehele volhoubaarheid. Die fokus sal steeds op die bevordering van die veldtog 'Ken jou OSW-status' wees om organisasies te help en aan te moedig om aan alle toepaslike wetgewing te voldoen.

Afsluiting

Ons het die middel van die huidige beplanningsiklus bereik, en die samestelling van hierdie Jaarlikse Prestasieplan (JPP) het dus 'n geleentheid gebied om vas te stel watter vordering gemaak is met die bereiking van die uitkomste wat vervat is in die hersiene mediumtermyn-strategieraamwerk (MTSR), die Provinciale Strategiese Plan, die Veiligheidsplan en die Wes-Kaapse COVID-19-herstelplan. Dit het ook die geleentheid gebied om, waar nodig, die prioriteit van die departement te hersien, gegewe die radikale veranderinge in die maatskaplike, ekonomiese en bedryfsomgewing in die provinsie sedert die aanvang van die COVID-19-pandemie. Gevolglik weerspieël hierdie JPP 'n bygewerkte belyning van die departement se voorgeskrewe statutêre dienste met die nasionale beleidsprioriteite wat in die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) en hersiene MTSR vervat is, asook met die provinciale beleidsimperatiewe wat in die Provinciale Strategiese Plan (PSP) en Wes-Kaapse Herstelplan uiteengesit is. Dit dek die netwerk van dienste wat gerig is op die groeiende getal kwesbare persone in ons gemeenskappe regoor die provinsie, en wat dikwels onder uitdagende omstandighede gelewer word.



Dr Robert Macdonald

**Rekenpligtige Beample van die Wes-Kaapse Regering:
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling**


Maart 2022

Amtelike aftekening


Daar word hiermee gesertifiseer dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:

- Deur die bestuur van die Wes-Kaapse Regering se Departement van Maatskaplike Ontwikkeling onder leiding van me. S. Fernandez, Wes-Kaapse Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, opgestel is;
- Alle tersaaklike beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling verantwoordelik is, in ag neem; en
- 'n Akkurate weergawe is van die uitkomste en uitsette wat die Wes-Kaapse Regering se Departement van Maatskaplike Ontwikkeling sal poog om in die tydperk 2022-2023 te bereik.


Charles Jordan
Hoofdirekteur: Kinders, Gesinne en VKO

Handtekening: 


Leana Goosen
Hoofdirekteur: Maatskaplikewelsyns- en Herstellende Dienste

Handtekening: 

Mzwandile Hewu
Hoofdirekteur: Gemeenskaps- en Venootskapsontwikkeling

Handtekening: 

Annemie van Reenen
Hoofdirekteur: Diensleveringsbestuur en -koördinasie

Handtekening: 

Juan Smith
Hoofdirekteur: Finansiële Bestuur

Handtekening: 

Siham Nieftagodien
Waarnemende Hoofdirekteur:
Sakebeplanning en -strategie

Handtekening: 

Robert Macdonald
Rekenpligtige Beamppte

Handtekening: 

Goedgekeur deur:

Sharna Fernandez
Uitvoerende Gesag
Maart 2022

Handtekening: 

Inhoud

Vrywaring	2
Verklaring deur Uitvoerende Gesag	3
Verklaring deur Rekenpligtige Beample.....	4
Deel A: Ons mandaat	10
1. Grondwetlike, Wetgewende en Beleidsmandate	10
2. Institusionele beleide en strategieë oor die vyfjaar-beplanningstydperk.....	19
3. Tersaaklike hofuitsprake.....	21
Deel B: Ons strategiese fokus.....	24
4. Situasie-ontleding	24
4.1 Ontleding van die eksterne omgewing.....	24
4.2 Ontleding van die interne omgewing	29
Deel C: Ons prestasiemeting	31
5. Institusionele programprestasie-inligting.....	31
5.1 Program 1: Administrasie	31
5.2 Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste	35
5.3 Program 3: Kinders en Gesinne.....	44
5.4 Program 4: Herstellende Dienste	52
5.5 Program 5: Ontwikkeling en Navorsing.....	63
6. Openbare entiteite	71
7. Infrastruktursprojekte	72
8. Publieke-private vennootskappe (PPVe)	73
DEEL D: Tegniese aanwyserbeskrywings (TAB's).....	74
Bylaes tot die Jaarlikse Prestasieplan	127
Bylae A: Wysigings aan die Strategiese Plan	127
Bylae B: Voorwaardelike toelaes	131
Bylae C: Gekonsolideerde aanwysers.....	131
Bylae D: Distrikontwikkelingsmodel	132
Bylae E: Akronieme	133

Deel A: Ons mandaat

1. Grondwetlike, Wetgewende en Beleidsmandaat

Grondwetlike Mandaat

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.	Artikel 28(1) van die Grondwet sit kinders se regte ten opsigte van gepaste versorging uiteen (basiese voeding, skuiling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste) en bepaal dat die aanhouding van kinders 'n laaste uitweg is.

Wetgewende mandate

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
Kinderwet, Wet 38 van 2005	<p>Die Wet is op 1 April 2010 by wyse van 'n presidensiële proklamasie in werking gestel en omskryf:</p> <ul style="list-style-type: none"> ● die regte en verantwoordelikhede van kinders; ● ouerlike verantwoordelikhede en regte; ● die beginsels van en riglyne vir die beskerming van kinders; ● die bevordering van die welstand van kinders; en ● die konsolidasie van die wette wat met die welsyn en beskerming van kinders verband hou, en vir onvoorsiene aangeleenthede. <p>Die primêre fokus van die tweede hersiening van die Kinderwet was die bevinding van die Suid-Gautengse Hooggeregshof gedateer April 2011 rakende die korrekte vertolking van artikel 150(1)(a) van die Wet. Die hof het bevind dat:</p> <ul style="list-style-type: none"> ● 'n versorger wat 'n wettige sorgsaamheidsplig het (in hierdie geval 'n ouma), as 'n pleegouer aangestel kan word; en ● nóg die Kinderwet nóg die Wet op Maatskaplike Hulp of sy regulasies vereis dat die pleegouer se inkomste ondersoek moet word. Derhalwe moet die finansiële situasie van die kinders wat 'n behoeft aan sorg en beskerming het, in ag geneem word en nie dié van die pleegouer nie. Waar pleegouers wat 'n wettige ondersteuningsplig het, nie die finansiële middele het om dit te doen nie, moet hulle om 'n pleegsorgtoekenning aansoek kan doen.
Kinderwysigingswet, Wet 17 van 2016 en Tweede Kinderwysigingswet, Wet 18 van 2016.	<p>Die Kinderwysigingswet (18/2016) wysig die Kinderwet, 2005 deur onder meer nuwe omskrywings by te voeg; te bepaal dat die verwydering van 'n kind na tydelike veilige sorg sonder 'n hofbevel, voor die verstryking van die volgende hofdag voor die kinderhof geplaas word vir hersiening; te bepaal dat 'n besluit om 'n kind sonder 'n hofbevel te verwijder, hersien word; te bepaal dat die Provinciale Hoof van Maatskaplike Ontwikkeling 'n kind of 'n persoon van een vorm van alternatiewe sorg na 'n ander vorm van alternatiewe sorg kan oorplaas; en bepaal dat 'n aansoek dat 'n kind na die ouderdom van 18 jaar in alternatiewe sorg moet bly, ingedien word voor die einde van die jaar waarin die betrokke kind die ouderdom van 18 jaar bereik.</p> <p>Die Kinderwysigingswet, Wet 17 van 2016 wysig die Kinderwet, 2005 deur onder meer nuwe omskrywings in te voeg; te bepaal dat 'n persoon wat skuldig bevind is aan sekere misdrywe, as ongeskik geag word om met kinders te werk; te bepaal dat die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens al die besonderhede van persone wat ongeskik bevind is om met kinders te werk, aan die Direkteur-General moet deurstuur; te bepaal dat 'n besluit om 'n kind sonder 'n hofbevel te verwijder, hersien word; die omstandighede uit te brei ten opsigte van wanneer 'n kind aanneembaar is; en die uitwerking van 'n aannemingsbevel uit te brei deur te bepaal dat 'n aannemingsbevel nie outomatis alle ouerlike verantwoordelikhede en regte van 'n ouer van</p>

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
	'n kind beëindig wanneer 'n aannemingsbevel ten gunste van die gade of permanente huishoudelike lewensmaat van daardie ouer toegestaan word nie; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.
Wet op Maatskaplike diensberoepe, Wet 110 van 1978, Wysigings: 1995, 1996 en 1998.	Die Wet het die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike diensberoepe daargestel en omskryf die bevoegdhede en werksaamhede van die raad en beroep van maatskaplike dienste.
Wet op Maatskaplike diensberoepe, Wet 110 van 1978: Regulasies met betrekking tot die registrasie van 'n spesialiteit in proefdienste (2013).	Hierdie regulasies wat in die Regulasies Staatskoerant No. 36159, 15 Februarie 2013, vol. 572, No. 9911 gepubliseer is, is gerig op die regulering en verbetering van proefdienste.
Wet op die Wes-Kaapse Kommissaris vir Kinders, Wet 2 van 2019.	Hierdie wet lê bepalings neer vir die aanstelling van 'n Kommissaris vir Kinders in die Wes-Kaapse Provincie; vir aangeleenthede wat daarmee verband hou en bepaal sekere aangeleenthede wat op daardie amp betrekking het. Die amp van Kommissaris vir Kinders is ingevolge artikel 78 van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 ingestel, en hierdie artikel bepaal dat die Kommissaris die WKR moet bystaan met die beskerming en bevordering van die regte, behoeftes en belang van kinders in die provinsie.
Wysigingswet op Proefdienste, Wet 35 van 2002.	Die doel van die Wet is om die Wet op Proefdienste, 1991 te wysig deur sekere omskrywings in te voeg om: <ul style="list-style-type: none">● programme wat op die voorkoming en bekamping van misdaad gerig is, verder te bepaal;● die bevoegdhede en pligte van proefbeamptes uit te brei;● die pligte van assistent-proefbeamptes te bepaal;● die verpligte evaluering van gearresteerde kinders te bepaal;● die instelling van 'n proef-raadgewende komitee te bepaal;● die aanwysing van gesinsopspoorders te bepaal; en● en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.
Wet op Gesinsgeweld, Wet 116 van 1998.	Die doel van hierdie Wet is om aan slagoffers van gesinsgeweld die maksimum beskerming teen huishoudelike mishandeling te bied.
Wet op Ouer Persone, Wet 13 van 2006.	Die Wet wat op 1 April 2010 deur 'n presidensiële proklamasie in werking gestel is, is gerig op die bemagtiging en beskerming van ouer persone, insluitend hul status, regte, welstand, veiligheid en sekuriteit asook die bekamping van die misbruik van ouer persone. Die Wet bevorder 'n ontwikkelingsgerigte benadering wat erkenning verleen aan: <ul style="list-style-type: none">● die wysheid en vaardighede van ouer persone;● ouer persone se deelname aan gemeenskapsake;● die regulerung van die registrasie van ouer persone se dienste; en● die daarstelling en bestuur van dienste en fasiliteite vir ouer persone. Anders as die Wet op Bejaarde Persone, Wet 81 van 1967, het die klem vanaf institusionele sorg na gemeenskapsgebaseerde sorg verskuif om te verseker dat 'n ouer persoon vir so lank as moontlik in die gemeenskap bly.
Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik, Wet 70 van 2008.	Die Wet lê bepalings neer vir die implementering van omvattende en geïntegreerde dienslewering op die gebied van middelmisbruik deur alle staatsdepartemente. Die hoofklem van hierdie Wet is die bevordering van gemeenskapsgebaseerde en vroeë-intervensieprogramme, asook die registrasie van terapeutiese intervensies ten opsigte van middelmisbruik.

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
Wet op Kindergeregtigheid, Wet 75 van 2008.	Die Wet stel 'n proses vir strafregspleging daar vir kinders wat daarvan beskuldig word dat hulle oortredings begaan het en het ten doel om die regte van kinders te beskerm.
Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), Wet 6 van 2012.	Die Wet wysig die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 om uitdruklik te bepaal dat die oplegging van strawwe ten opsigte van sekere misdrywe wat in die Wet vervat is, na die goeddunke van die howe oorgelaat word; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.
Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel, Wet 7 van 2013.	Die Wet gee uitvoering aan die Verenigde Nasies (VN) se protokol om mensehandel in veral vroue en kinders te voorkom, te onderdruk en te straf, en vul sodoende die VN se konvensie teen transnasionale georganiseerde misdaad aan.
Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, Wet 13 van 2005.	Die Wet het ten doel om groter betrokkenheid tussen die drie regeringsfere te bevorder met die oog daarop om 'n stabiele en responsiewe regeringstelsel te bevorder wat die waardes en beginsels van openbare administrasie versterk.
Wet op Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap, Wet 54 van 2008.	Die Wet het ten doel om die koördinering van aangeleenthede verwant aan jeugontwikkeling te skep en te bevorder.
Wet op Maatskaplike Bystand, Wet 13 van 2004.	Hierdie Wet lê bepalings neer vir die lewering van maatskaplike bystand aan persone en die meganisme vir die lewering van sodanige bystand; die daarstelling van 'n inspektoraat vir maatskaplike bystand; en om voorsiening vir ander aangeleenthede te maak.
Wet op Fondsin sameling, Wet 107 van 1978.	Hierdie Wet lê bepalings neer vir beheer oor die insameling van bydraes afkomstig van die publiek; die aanstelling van 'n direkteur van fondsin sameling; die stigting van 'n ramphulpfonds, 'n fonds vir die Suid-Afrikaanse Weermag en 'n noodlenigingsfonds vir vlugtelinge; die verklaring van sekere gebeure as rampe; en ander aangeleenthede wat daarmee in verband staan.
Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk (OSW), Wet 71 van 1997.	Die Wet beoog om 'n instaatstellende omgewing en regulatoriese raamwerk te skep vir die bydrae van OSW's om in die diverse behoeftes van die bevolking te voorsien en voldoende standarde van oorsigbestuur, deursigtigheid en openbare verantwoordbaarheid te handhaaf. Die OSW-wet herroep sekere gedeeltes van die Wet op Fondsin sameling, 1978.
Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002.	Hierdie Wet lê bepalings neer vir 'n geïntegreerde en gekoördineerde rampbestuurbeleid (wat fokus op voorkoming of vermindering van die risiko van rampe, versagting van die erns van rampe, noodgereedheid, spoedige en doeltreffende reaksie op rampe en herstel ná rampe); die vestiging van nasionale, provinsiale en munisipale rampbestuursentrum; rampbestuurvrywilligers; en ander bykomstige aangeleenthede.
Wysigingswet op Rampbestuur, Wet 16 van 2015.	Hierdie Wet wysig die Wet op Rampbestuur, 2002 (primêre wetgewing wat handel oor rampbestuur in Suid-Afrika) ten einde sekere omskrywings te vervang en in te voeg; beleidsfokus op rehabilitasie en funksionering van rampbestuursentrum duidelik te maak; sekere funksies te belyn; voorsiening te maak vir staatsorgane om die rampbestuurstrukture by te staan; voorsiening te maak vir 'n uitgebreide verslagstelsel deur staatsorgane oor inligting aangaande gebeure wat tot die verklaring van rampe lei, uitgawes op reaksie en herstel, handelings ten opsigte van risikovermindering en bepaalde probleme wat in die hantering van rampe ervaar word; verslagdoening oor die inwerkingstelling van beleid en wetgewing met betrekking tot rampriskovermindering en bestuur van bewilligde fondse aan munisipale en provinsiale munisipale en provinsiale interregeringsforums ingestel

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
	ingevolge die Wet op Interregeringsraamwerk, 2005 te versterk; die verteenwoordiging van tradisionele leiers te versterk; die inhoud van rampbestuursplanne uit te brei om die uitvoer van ramprisikobepalings vir funksionele gebiede en die beskrywing van risiko's, gebiede en gemeenskappe wat kwesbaar vir rampe is, in te sluit; voorsiening te maak vir regulasies oor rampbestuursopvoeding, opleiding en navorsingsaangeleenthede en verklaaring en klassifisering van rampe; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.
Wet op Geestesgesondheidsorg, Wet 17 van 2002.	Hierdie Wet lê bepalings neer vir die versorging, behandeling en rehabilitasie van persone wat geestesongesteld is; sit verskillende procedures uiteen wat gevolg moet word vir die opname van sodanige persone; en bepaal hoe die eiendom van geestesongestelde persone versorg en gadministreer moet word.
Wet op Openbare Finansiële Bestuur (PFMA), Wet 1 van 1999, soos gewysig.	Om finansiële bestuur in die nasionale regering en provinsiale regering te reguleer; om te verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van daardie regerings doeltreffend en effektief bestuur word; om voorsiening te maak vir die verantwoordelikhede van persone aan wie finansiële bestuur in daardie regerings toevertrou is; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.
Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), Wet 13 van 2021.	Tot wysiging van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 ten einde: <ul style="list-style-type: none"> ■ die trefwydte van die misdryf van bloedskande uit te brei; ■ 'n nuwe misdryf van seksuele intimidasie in te voeg; ■ die frase "persoon wat verstandelik gestremd is" of "persones wat verstandelik gestremd is" waar die frase ook al voorkom met die frase "persoon met 'n verstandelike gestremdheid" of "persones met verstandelike gestremdheide" te vervang; ■ die invoeging van die besonderhede van persone in die Nasionale Register vir Seksoortreders verder te reël; ■ die lys van persone wat ingevolge Hoofstuk 6 van die Wet beskerm word, uit te brei; ■ die lys van persone wat aansoek kan doen by die Registrateur van die Nasionale Register vir Seksoortreders uit te brei; ■ die verwydering van die besonderhede van persone uit die Nasionale Register vir Seksoortreders verder te reël; en ■ die aanmeldingsplig van persone wat daarvan bewus is dat seksuele misdrywe teen persone wat kwesbaar is, gepleeg is, verder te reël, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.
Wysigingswet op Gesinsgeweld, Wet 14 van 2021.	Ter wysiging van die Wet op Gesinsgeweld, 1998 ten einde sekere omskrywings te wysig en in te voeg; verdere bepalings neer te lê vir die manier waarop dade van gesinsgeweld en aangeleenthede wat daarmee verband hou, hanteer moet word; beskermingsbevele in reaksie op dade van gesinsgeweld verder te reël; wysigings aan sekere wette aan te bring; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.
Wysigingswet op die Strafreg en Verwante Aangeleenthede, Wet 12 van 2021.	Die doel van hierdie Wet is om die volgende te wysig: <ul style="list-style-type: none"> ■ Die Wet op Landdroshowe, 1944, ten einde voorsiening te maak vir die aanstelling van tussengangers en die aflê van getuienis deur bemiddeling van tussengangers in verrigtinge wat nie strafregtelike verrigtinge is nie; die eed en bevoegdheid van tussengangers; en die aflê van getuienis deur audiovisuele skakel in verrigtinge wat nie strafregtelike verrigtinge is nie;

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
	<ul style="list-style-type: none"> ● die Strafproseswet, 1977, ten einde die toestaan en intrekking van borgtogg; die aflê van getuienis by wyse van geslotekringtelevisie of soortgelyke elektroniese media; die aflê van getuienis deur 'n getuie met liggaamlike, sielkundige of verstandelike gestremdheid; die aanstelling, eed en bevoegdheid van tussengangers; en die reg van 'n klaer in 'n gesinsverwante misdryf om aan paroolverrigtinge deel te neem, verder te reël; ● die Strafregwysigingswet, 1997 ten einde vonnisste ten opsigte van misdrywe wat teen trefbare persone gepleeg is, verder te reël; en ● die Wet op Hoër Howe, 2013 ten einde voorsiening te maak vir die aanstelling van tussengangers en die aflê van getuienis deur bemiddeling van tussengangers in verrigtinge wat nie strafregtelike verrigtinge is nie; die eed en bevoegdheid van tussengangers; en die aflê van getuienis deur audiovisuele skakel in verrigtinge wat nie strafregtelike verrigtinge is nie, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daar mee in verband staan.

Beleidsmandate

Beleid	Impak op DMO se funksionaliteit
Hersiene Mediumtermyn-strategieraamwerk (MTSR) 2019-2024.	Die MTSR is die regering se implementeringsplan en moniteringsraamwerk om die prioriteite van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) 2019-2024 te verwesenlik. Die implementeringsplan fokus op sewe prioriteite en verwante intervensies, terwyl die geïntegreerde moniteringsraamwerk fokus op die monitering van uitkomste, aanwysers en teikens ten einde die prioriteite te verwesenlik. Die hersiene MTSR 2019-2024 bevorder die belyning, koördinering en volle integrering van alle instrumente vir ontwikkelingsbeplanning in 'n geïntegreerde raamwerk.
Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) 2030 (2012).	Die NOP het ten doel om teen 2030 armoede uit te wis en ongelykhede te verminder. Volgens die plan kan Suid-Afrika hierdie doelwitte bereik deur uit die energieë van sy mense te put, 'n inklusiewe ekonomie te laat groei, bevoegdhede te bou, die kapasiteit van die staat te versterk, en leierskap en vennootskappe regdeur die samelewing te bevorder.
EenKaap2040. Van visie tot aksie (2012).	Die WKR het hierdie visie en strategie in Oktober 2012 aanvaar. Dit het ten doel om 'n oorgang na 'n inklusiever en veerkrachtiger ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaap te stimuleer. Dit verwoord 'n visie oor hoe die mense van die Wes-Kaap saam daaraan kan werk om hul streekseconomie en die samelewing oor die algemeen te ontwikkel, en rig sodoende beplanning en optrede ter bevordering van 'n gemeenskaplike verbintenis tot en verantwoordbaarheid vir volgehoue vooruitgang oor die lang termyn.
Provinciale Strategiese Plan (PSP) 2019-2024.	Die PSP is 'n vyfjaarplan wat die Wes-Kaapse Regering se visie en prioriteite uiteensit en voortbou op die grondslag wat tydens die laaste twee ampstermyne neergelê is. Die WKR is daar toe verbind om 'n waardegebaseerde, bevoegde regering te bou wat geleenthede moontlik maak en verantwoordelikheid in 'n veiliger Wes-Kaap bevorder. Die visie – 'n Veilige Wes-Kaap waar almal kan floreer – is verwoord in die vyf visie-geïnspireerde strategiese prioriteite wat vir die tydperk 2019-2024 geïdentifiseer is, naamlik: Veilige en koherente gemeenskappe; Groei en werksgeleenthede; Bemagtiging van mense; Mobiliteit en ruimtelike transformasie; en Innovasie en kultuur.

Beleid	Impak op DMO se funksionaliteit
Wes-Kaapse Herstelplan (2021).	Hierdie plan verleen erkenning aan en is 'n reaksie op die COVID-19-pandemie en die negatiewe sosio-ekonomiese impakte wat dit op die burgers van die Wes-Kaap het. Dit identifiseer die probleme waaraan dringend aandag geskenk moet word vanuit 'n hele-samelewing-benadering sodat werk geskep word, veilige gemeenskappe gekoester word en die welstand van alle inwoners van die Wes-Kaap bevorder word. Hierdie plan sal geïmplementeer word binne die omvang van die vyf visie-geïnspireerde strategiese prioriteite soos verwoord in die PSP (2019-2024).
Witskrif oor Maatskaplike Welsyn (1997).	Die witskrif dien sedert 1994 as die grondslag vir maatskaplike welsyn deur rigtinggewende beginsels, beleide en programme vir ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynstelsels te bepaal.
Witskrif oor Bevolkingsbeleid (1998).	Die witskrif bevorder volhoubare menslike ontwikkeling en lewensgehalte vir alle Suid-Afrikaners deur bevolkingskwesties by ontwikkelingsbeplanning op die verskillende vlakke van regering en in alle sektore van die samelewing te integreer. Die departement is gemandateer om die implementering van die beleid, en die impak daarvan op bevolkingstendense en -dinamika in die konteks van volhoubare menslike ontwikkeling te monitor.
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling: Beleid oor die Befondsing van Nieregeringsorganisasies vir die Lewering van Maatskaplike welsyns- en Gemeenskapsontwikkelingsdienste (2015) soos gewysig in 2017.	Die doel met hierdie beleid is om te verseker dat oordragbetaalings op 'n deursigtige manier bestuur word wat verantwoordbaarheid, toegang, doeltreffende administrasie, duidelike prestasievereistes en die beginsels van administratiewe geregtigheid bevorder om die DMO in staat te stel om sy missie te verwesenlik rakende die verskaffing van 'n omvattende netwerk van maatskaplike-ontwikkelingsdienste en geleenthede wat hulpbehoewendes, kwesbare persone en diegene met spesiale behoeftes bemagtig.
Witskrif oor Gesinne in Suid-Afrika (2013) en Hersiene Witskrif oor Gesinne in Suid-Afrika (2021).	Die hoofdoel van die witskrif is om gesinswelstand te kweek, gesinne en die gesinslewe te bevorder en te verstrek en gesinskwesties deel van die hoofstroom van regeringswyse beleidmakingsinisiatiewe te maak. Die departement het 'n provinsiale plan ontwikkel vir die implementering van die Witskrif oor Gesinne wat op 16 September 2016 deur die Forum vir Gesinsdienste aanvaar is. Die Hersiene Witskrif oor Gesinne put uit die sterk punte van voorafgaande beleidsdokumente en poog om die kritiek en bekommernisse oor die moralistiese ondertone en eng uitdrukings van gesinslewe in Suid-Afrika in afdelings van die eerste Witskrif oor Gesinne aan te spreek. Hierdie hersiening is 'n bywerking van die beleidsdokument om die kontemporäre situasie van gesinne in Suid-Afrika in ag te neem en integreer terugvoering van die staat en belanghebbendes in die burgerlike samelewing wat betrokke was by konsultasies gedurende die hersiening van die witskrif.
Raamwerk vir Maatskaplike welsynsdienste (2013).	Hierdie goedgekeurde nasionale raamwerk is belyn met die Geïntegreerde Diensleveringsmodel en maak voorsiening vir 'n gestandaardiseerde proses waarvolgens maatskaplike werkers generiese maatskaplike welsynsdienste sal lewer wat van die vereiste gehalte, omvattend, geïntegreerd, op regte gegrond en goed van hulpbronne voorsien is.
Generiese Norme en Standaarde vir Maatskaplike welsynsdienste (2013).	Verskaf die norme vir die verskaffing van gehalte-maatskaplike welsynsdienste en vorm deel van die Raamwerk vir Maatskaplike welsynsdienste.
Nasionale Dwelmmeesterplan 2019-2024 (2019).	Die plan maak voorsiening vir die koördinering van departemente en plaaslike owerhede ingevolge die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik, Wet 70 van 2008. Die oogmerk is om te verseker dat die land 'n eenvormige reaksie op middelmisbruik het.

Beleid	Impak op DMO se funksionaliteit
Toesighoudingsraamwerk vir die Maatskaplike werkberoep in Suid-Afrika (2012).	Voorsien die raamwerk vir die doeltreffende toesighouding oor maatskaplike werkers, leerling-maatskaplike werkers, maatskaplike hulpwerkers, spesialiste in maatskaplike werk en privaat praktisyens ten einde bevoegde, professionele maatskaplike werkpraktyke te verseker wat in die belang van diensgebruikers in die Suid-Afrikaanse maatskaplike sektor is.
Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike welsynsdienste (W5) (2012).	Hierdie nasionale raamwerk voorsien 'n konsekwente stelsel en duidelike standaarde vir die evaluering van doeltreffendheid en om volgehoue verbetering ten opsigte van maatskaplike welsynsdienste daar te stel.
Nasionale Jeugbeleid 2020-2030 (NJB 2030) (2021).	Die NJB 2030 is 'n kruissektorale beleid wat daarop gerig is om positiewe uitkomste vir jeugontwikkeling vir jongmense op plaaslike, provinsiale en nasionalevlak in Suid-Afrika te bewerkstellig. Hierdie beleid bou voort op Suid-Afrika se eerste en tweede NJB's wat onderskeidelik die tydperk 2009-2014 en 2015-2020 gedek het. Die beleid erken dat die prioritisering van hulpbronne die aspekte van jeugontwikkeling, jeugopvoeding, ekonomiese deelname asook liggaaamlike en geestesgesondheid moet inkorporeer. Die gewenste uitkoms van die beleid is bemagtigde jeugdiges wat toegerus is met inligting, kennis en vaardighede wat hulle in staat stel om geleenthede aan te gryp en wesenlik verantwoordelikheid te neem om 'n betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling van 'n demokratiese en vooruitstrewende Suid-Afrika te lewer.
'n Jeugontwikkelingstrategie vir die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2013).	Om die departement se programme en prioriteite oor jeugontwikkeling te rig, in te lig en te lei, en om 'n sterk mate van institutionele en programmatiese voorspelbaarheid te verseker. Dit dien as 'n belangrike beplanningsinstrument wat daarop gemik is om aandag te skenk aan die behoeftes van die jongmense van die Wes-Kaap.
Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie (2013).	Die doel van die (provinciale) jeugontwikkelingstrategie is om meer ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te skep sodat hulle beter by hul omgewing kan inskakel en 'n suksesvolle oorgang na verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenheid kan hê. Dit fokus op jongmense in die pre-jeugfase tussen 10 en 14 jaar oud en die 'jeugfase' tussen 15 en 24 jaar oud.
Beleid oor Maatskaplike-ontwikkelingsdienste aan Persone met Gestremdhede (2017).	Die hoofdoel is om die voorsiening van hoofstroom-maatskaplike-ontwikkelingsdienste aan persone met gestremdhede te rig en te koördineer. Die oogmerk is om te verseker dat die waardigheid en regte van alle persone met gestremdhede beskerm en nagekom word deur dielewering van gepaste sosio-ekonomiese programme en dienste wat hulle insluiting verseker.
Beleidsraamwerk: Dienste aan Persone met Intellektuele Gestremdhede (2015).	Die doel van die beleidsraamwerk is dielewering van gekoördineerde en gestroomlynde dienste aan persone met intellektuele gestremdhede (PMIG) deur verskillende provinsiale departemente/ sektore om 'n persoon-gesentreerde benadering tot PMIG en hul gesinne te verseker deur die profiel van behoeftes van die PMIG regoor sektore en toepaslike departementele rolle, verantwoordelikhede en moontlike befondsingsmodelle te bepaal om in die geïdentifiseerde behoeftes te voorsien.
Wes-Kaapse Provinciale Raamwerk vir Ruimtelike Ontwikkeling (PRRO) (2014).	Die raamwerk dien as 'n grondslag vir die koördinering, integrering en belyning van ter plaatselewering van nasionale en provinsiale departementele programme; ondersteun munisipaliteite om hul munisipale beplanningsmandaat in lyn met die nasionale en provinsiale agendas na te kom; en ondersteun en kommunikeer die regering se voornemens met ruimtelike ontwikkeling aan die privaat sektor en die burgerlike samelewing.

Beleid	Impak op DMO se funksionaliteit
Beleid oor die Oorsig, Vrylating en Herintegrasie van Gevonnisse Inwoners in DMO-Kinder- en Jeugsorgsentrus na Minder Beperkende Alternatiewe of Ouersorg (2014).	Hierdie beleid verskaf riglyne vir die oorsig, vrylating en herintegrasie van gevonnisse inwoners in KJSS'e deur uitplasings na minder beperkende alternatiewe sorg kragtens die regulasies in Hoofstuk 11 van die Kinderwet, Wet 38 van 2005.
Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se standaardbedryfsprosedure (SBP) vir die verskuiving van straatkinders na 'n plek van veiligheid en daaropvolgende prosesse (2015).	Die SBP is ontwikkel as 'n stap-vir-stap-gids oor hoe om te werk te gaan wanneer 'n kind met 'n behoefte aan sorg en beskerming na 'n plek van veiligheid geneem word. Dit skets die rolle en verantwoordelikhede van die departement se personeellede en ander belanghebbendes in die OSW- en polisiëringsektor.
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling Wes-Kaapse Strategie vir die Verbetering van Kindersorg- en Beskermingsdienste (2015).	Die strategie is ontwikkel om die risiko's wat verband hou met die implementering van die statutêre vereistes, norme en standaarde van die Kinderwet, te versag. Die strategie identifiseer die hoofoorsake van die probleem en die intervensies om hierdie kwessies aan te pak.
Gehalteversekeringsraamwerk vir prestasiemonitering van dienslewering ten opsigte van maatskaplike welsyn en gemeenskapsontwikkeling (2015).	Hierdie provinsiale raamwerk is blyn met die Gehalteversekerings-raamwerk vir Maatskaplike Welsyn (2013) en stel omvattende prestasiemonitering voor deur middel van 'n gehalteversekeringsbenadering tot gemeenskapsontwikkeling- en maatskaplike welsynsdienste in die departement asook die OSW-sektor in hierdie provinsie. Dit fokus ook op gehalteverbetering in dienslewering en omskryf die standaarde vir diensuitnemendheid en hoe dit gemonitor en bestuur behoort te word.
'n Gehalteversekeringsprotokol vir Kinder- en Jeugsorgsentrus 2016-2018 (2016).	Hierdie protokol bevorder die holistiese implementering van 'n gehalteversekeringsprotokol wat fokus op wetgewende administratiewe nakoming, nakomende oorsigbestuur en nakoming van vereistes rakende registrasie en nasionale norme en standaarde vir KJSS'e.
Wes-Kaapse Provinciale Strategie vir die Voorsiening van Kinder- en Jeugsorgsentrus (KJSS'e) (2016).	Hierdie strategie reël die voorsiening en voldoende verspreiding van residensiële sorg vir kinders deur KJSS'e oor die kontinuum van sorg, en relevante sentrumgebaseerde programme regdeur die provinsie wat blyn is met die provinsie se spesifieke behoeftes, omstandighede, begrotingstoekennings en beskikbaarheid van infrastruktuur.
Wes-Kaapse Regering se Strategiese Raamwerk vir Huishoudelike Voedselsekerheid en Voeding (2016).	Die Wes-Kaapse Strategiese Raamwerk vir Voedselsekerheid en Voeding toeken spesifieke tekortkominge in die huidige voedselstelsel om te verseker dat dit al die inwoners van die Wes-Kaap dien. Die strategiese raamwerk verskaf die uitkomste en oogmerke wat programme koppel aan die verligting van hongersnood en verbeterings in gesondheid, voeding en produktiwiteit om alle persone woonagtig in die Wes-Kaap te ondersteun om 'n aktiewe en produktiewe lewe te lei.
Wes-Kaapse Regering se Hele-Samelewing-Benadering (WoSA) tot Sosio-ekonomiese Ontwikkeling (2018).	Die visie van WoSA is veilige, sosiaal-verbonde, veerkrachtige en bemagtigde burgers en gemeenskappe met gelyke toegang tot maatskaplike dienste en geleenthede. Hierdie dokument bied 'n raamwerk vir geïntegreerde en innoverende maatskaplike ontwikkeling vanuit 'n gefaseerde benadering. Dit is ontwikkel met die doel om ooreenstemming te bereik oor die nuwe manier om maatskaplike ontwikkeling deur middel van 'n hele-samelewing-benadering te bevorder.


Beleid	Impak op DMO se funksionaliteit
Witskrif oor die Regte van Persone met Gestremdhede (2015).	Hierdie witskrif onderskryf 'n hoofstroomtrajek om die regte van persone met gestremdhede te verwesenlik deur die daarstelling van 'n vrye en regverdige samelewing wat persone met gestremdhede as gelyke burgers insluit. Die selfverteenwoordiging van persone met gestremdhede word gerig en aangemoedig. Dit gee 'n breë skets van die verantwoordelikhede en aanspreeklikhede volgens nege strategiese pilare wat aan belanghebbendes die verantwoordelikheid oplê om die volgehoudene sistemiese diskriminasie en uitsluiting wat deur persone met gestremdhede ervaar word, uit te wis. Dit rig die Wes-Kaapse DMO om struikelblokvrye, gepaste, doeltreffende, doelmatige en gekoördineerde dienslewering te verskaf.
Strategie vir Gestremdheid hoofstroming 2015-2020 (2015).	Die Wes-Kaapse DMO se Strategie vir Gestremdheid hoofstroming is 'n strategiese vyfjaarplan wat die departement rig in die gebruik van hoofstroming as 'n strategie om die verskuwing van besorgdheid oor gestremdheid vanaf die kantlyn na die middelpunt van belang in die departement se dienslewering te bespoedig.
Nasionale Strategiese Plan oor Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord (2020).	Hierdie plan het ten doel om 'n multisекторale, samehangende strategiese beleid en programmeringsraamwerk te verskaf om 'n gekoördineerde nasionale reaksie deur die regering van Suid-Afrika en die land op die krisis van GGG en vrouemoord te versterk. Die strategie poog om aandag te skenk aan die behoeftes en uitdagings wat deur almal ervaar word, veral vroue van alle ouderdomme, seksuele oriëntasie, en seksuele en geslagsidentiteit; en spesifieke groepe soos bejaarde vroue, vroue wat met gestremdheid leef, vroulike migrante en transvroue wat deur die GGG-plaag in Suid-Afrika geaffekteer en geraak word.
Standaardbedryfsprosedures (SBP) vir Kanaliseringsdienste (2021).	Die doel van hierdie SBP is om aan streekdirekteure en hulle kinderbeskermingspersoneel riglyne en prosedures te voorsien vir die toepassing van kanaliseringsdienste aan kinders wat die alternatiewesorgstelsel betree of reeds daarin is. Hierdie SBP geld vir alle kanaliseringsbeamptes in die streek- en plaaslike kantore, asook in die Direktoraat: Fasiliteitsbestuur.

2. Institusionele beleide en strategieë oor die vyfjaar-beplanningstydperk

Die 2020-2025 Strategiese Plan skets die departement se verbintenis tot die nasionale en provinsiale regering se prioriteit om die armes, die kwesbares en diegene met spesiale behoeftes te bemagtig. Hierdie prioriteit word ingelig deur die NOP 2030, soos uiteengesit in prioriteit 4 van die hersiene MTSR 2019-2024, naamlik, "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer", die WKR PSP visie-geïnspireerde prioriteit (VIP) 1: "Veilige en saamhorige gemeenskappe" en VIP 3: "Bemagtiging van mense" en, van kardinale belang tydens die COVID-19-pandemie, onderskeidelik die WKR se Herstelplan en Veiligheidsplan.

Die Wes-Kaapse Herstelplan is ontwikkel om die negatiewe sosio-ekonomiese gevolge van die COVID-19-pandemie te versag. Hierdie plan fokus op vier temas, naamlik COVID-19-herstel, Werkgeleenthede, Veiligheid en Welstand, om die waardigheid van individue, huishoudings en gemeenskappe te handhaaf en te bevorder. Die departement sal onder die temas 'Welstand' en 'Veiligheid' voortgaan om dienste aan haweloze volwassenes, toegang tot programme vir voedselverligting en voedingsondersteuning, ondersteuning aan OSW's om die verspreiding van COVID-19 te bekamp, en strategieë gerig op geweldvoorkoming en -bewustheid te verskaf, en sal psigososiale ondersteuningsdienste aan onder meer slagoffers van misdaad en geweld lewer. Verder sal gespesialiseerde intervensies in maatskaplike werk voorsien word vir skoolgaande kinders en jeugdiges in die 11 hoërisikogebiede van die polisie in die provinsie ten einde gesins- en gemeenskapstabiliteit te bou. Die laasgenoemde twee diensaspekte van die Wes-Kaapse Herstelplan versterk die fokus op sleutelintervensies wat in die top- en veiligheidsprioriteite in die departementele strategiese plan verwoord is, te versterk.

Die doel van die departementele topprioriteit is om die veerkrachtigheid van gesinne en die gemeenskap te bou deur hulle kwesbaarheid te verminder. Hierdie prioriteit poog om bewysgebaseerde intervensies vir ouers, versorgers en gesinne in gevaar te ontwikkel en te implementeer. Hierdie intervensies bestaan uit vroeë intervensieprogramme wat deur die hof beveel is, insluitend gesinsbehoud, huweliksberading, psigososiale ondersteuningsdienste, asook statutêre dienste soos formele bemiddeling, ouerskapregte en verantwoordelikheidsooreenkoms vir kindersorg, en na-statutêre intervensies soos gesinshereniging; die voorsiening van veilige alternatiewe sorg vir kinders; kinders wat met die gereg bots; verhoorafwagtende kinders en kinders wat gevonnis is. Verdere dienste sluit in gesinshereniging vir haweloze volwassenes in departementeel befondsde skuilings en programme vir slagofferbemagtiging wat voorsiening maak vir veilige ruimtes en verwysingsroetes na gespesialiseerde behandeling, rehabilitasie en nasorgdienste vir vroue en kinders wat deur GGG geraak word. Daarbenewens fokus die departementele veiligheidsprioriteit op strategieë vir risikovermindering vir die identifisering, evaluering en voorsiening van psigososiale en gespesialiseerde maatskaplike welsynsondersteuning aan kinders en jeugdiges in gevaar in primêre en sekondêre skole in die 11 groot misdaadbrandpunte in die provinsie.

Figuur 1: Misdaadbrandpunte in die metro / Veiligheidsplan per DMO-diensleweringgebied

Die NDMO het begin met 'n transformasieproses om die portefeuille Maatskaplike Ontwikkeling te omskep sodat dienslewering 'n sterker impak kan hê. Gerig deur die mantra, "Bou saamhorige, veerkrachtige gesinne en gemeenskappe deur te investeer in mense om armoede en kwesbaarheid uit te wis ten einde volhoubare lewensbestaan te verseker", is 13 tematiese gebiede bepaal om die proses te vergemaklik en die nodige stappe te doen.

3. Tersaaklike hofuitsprake

Hooggeregshof van Suid-Afrika (Wes-Kaapse Hooggeregshof/Kaapstad) wat betrekking het op kinders met erge of diepgaande intellektuele gestremdheid, saaknommer 18678/2007.

'n Uitspraak is op 11 November 2010 gelewer wat die regering gelas om redelike maatreëls te tref vir bekostigbare, gehalte- en basiese onderwys vir kinders wat erge en diepgaande gestremdheid ervaar. Ter nakoming van die hofbevel maak die departement voorsiening vir die vergoeding, opleiding enakkreditasie van personeel en programimplementeerders van spesialeorgsentrum. Verder moet die departement fondse voorsien vir die veilige vervoer van hierdie kinders na en vanaf die sentrums.

Hooggeregshof van Suid-Afrika (Gauteng Provinciale Afdeling – Pretoria) wat betrekking het op kinders met erge of diepgaande ontwrigtende gedragsteurings, saaknommer 73662/16.

'n Hofbevel is op 2 Augustus 2018 uitgereik wat die nasionale departemente van Maatskaplike Ontwikkeling, Gesondheid en Onderwys gelas om voorsiening te maak vir die gepaste alternatiewe sorg, geestesgesondheidsdienste en opvoedkundige behoeftes van kinders met erge of diepgaande ontwrigtende gedragsteurings. 'n Intersektorale projekbestuurskomitee is gestig om maatreëls in te stel om die situasie deur middel van die ontwikkeling van 'n intersektorale beleid en implementeringsplan te hanter.

Hooggeregshof van Suid-Afrika (Wes-Kaap) met betrekking tot slagoffers van geslagsgebaseerde geweld, saaknommer SS17/2017.

'n Uitspraak is op 21 September 2017 gelewer wat die WKR se Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gelas om vir slagoffers van seksuele misdrywe oor die langtermyn van gepaste moniterings-, beradings- en nasorgdienste te voorsien. Verder moet die departement verseker dat departement-befondsde dienste wat deur OSW's verskaf word, aan die betrokke diensvlakooreenkomste voldoen.

Hooggeregshof van Suid-Afrika (Gauteng Afdeling, Pretoria) met betrekking tot die pleegsorgstelsel, saaknommer 55477/2020.

'n Uitspraak is op 12 November 2020 gelewer wat die nasionale en provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling asook SASSA gelas om die betaling en bestuur van pleegsorgbevele wat sedert November 2019 verval het, te implementeer. Die NDMO is opdrag gegee om (binne 12 maande vanaf die bevel) die nodige wysigings in die Kinderwet (2005) aan te bring en van krag te maak. Verder is enige pleegsorgbevel wat ten tye van hierdie hofbevel verval het, geag geldig en in plek te wees vir 12 maande vanaf die datum van die hofbevel of totdat die kind 18 jaar oud word. Die provinsiale DMO is ook opdrag gegee om drie-maandelikse verslae oor vordering met die aangeleentheid in te dien.

Belyning met internasionale en nasionale prioriteite

Die institusionele beleide en begrotings van die departement is belyn met prioriteit 4 van die hersiene MTSR 2019-2024, naamlik "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer". Daarenteen is hierdie prioriteit deur die departement se top- en veiligheidsprioriteite belyn met onderskeidelik provinsiale VIP 1 en VIP 3: "Veilige en samehorige gemeenskappe" en "Bemagtiging van mense". Die diep maatskaplike en ekonomiese impak van die COVID-19-pandemie het die ontwikkeling van die Wes-Kaapse Herstelplan genoodsaak. Hierdie plan is 'n uitbreiding van die PSP en skets die provinsiale strategiese reaksie op die nuwe norm wat deur die pandemie teweeggebring is. Die departementele prioriteite en planne stem ooreen met die temas 'Welstand' en 'Veiligheid' wat in die Wes-Kaapse Herstelplan vervat is.

Die departement is 'n party tot verskeie internasionale doelstellings en agendas en het dus 'n verpligting om dit te implementeer. Voorbeeld hiervan verskyn in die VN se Agenda 2030 en die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte¹ (VOD'e). Die aspirasies wat in die VOD'e bewoord word, resoneer met dié wat in die NOP 2030 en die VIP's van die Wes-Kaapse Provinciale Kabinet en in die statutêre en beleidsmandate van die departement gevind word.

Die departement se programme is ook belyn met verskeie internasionale verbintenisse, verdrae en ooreenkomste in verband met kindersorg en -beskerming, soos byvoorbeeld die 1995 *United Nations Convention on the Rights of the Child* (UNCRC), die *African Charter on the Rights and Welfare of the Child* (2000); *The Hague Convention on the Civil Aspects of International Child Abduction* (1997) en *The Hague Convention on Protection of Children and Co-operation in respect of Intercountry Adoption* (2003). Die wese van hierdie verdrae, internasionale verbintenisse en ooreenkomste is te vind in sowel die wetgewende as die beleidsmandate van die departement.

Wat norme en standarde vir die sorg en ondersteuning van ouer persone betref, gee die departement gehoor aan die *Madrid International Plan of Action on Ageing* en die *Declaration on the Rights of Older Persons* (2002). In die lewering van dienste aan persone met gestremdhede, word die departement gerig deur die norme en standarde soos vervat in die *UN Convention on the Rights of People with Disabilities* (UNCRPD).

Ten opsigte van die program oor misdaadvorkoming en benewens die bovermelde, onderskryf die departement die VN se standarde en minimum reëls vir misdaadvorkoming, soos:

- *UN Standard Minimum Rules on the Administration of Juvenile Justice (Beijing Rules)*: 1985.
- *The Rules for the Protection of Juveniles Deprived of their Liberty (UN JDL Rules)* 1990 – (2009).
- *The International Covenant on Civil and Political Rights (ICCPR)* 1966.
- *The Convention against Torture and Other Cruel, Inhuman or Degrading Treatment or Punishment (CAT)* 2008.

Internasionale verdrae oor menseregte vereis dat regeringspartye proaktiewe stappe doen om te verseker dat vroue se menseregte deur die wet gerespekteer word en om diskriminasie, ongelykhede en praktyke wat vroue se regte nadelig beïnvloed, uit te skakel. Ingevolge internasionale wetgewing oor menseregte kan vroue ook geregtig wees op spesifieke bykomende regte, soos dié wat met reproduktiewe gesondheidsorg verband hou. Die programme oor slagofferbemagtiging wat deur die departement gelewer word, is inlyn met internasionale verbintenisse wat verband hou met:

- *UN Declaration of Basic Principles of Justice for Victims of Crime and Abuse of Power* (1985).
- *Convention on the Elimination of all forms of Discrimination against women (CEDAW)* 1979 (2016).
- *UN Protocol to Prevent, Suppress and Punish Trafficking in Persons* 2000.
- *The Convention against Torture and Other Cruel, Inhuman or Degrading Treatment or Punishment (CAT)* 2008.
- *International Labour Organisation's (ILO) Forced Labour Conventions 1930* (2014 -2016).

Verder is die bevordering van die regte en welstand van vroue en die jeug vasgelê in die implementering van die Nasionale Strategiese Plan (NSP) oor Geslagsgebaseerde Geweld en

¹ United Nations Development Programme (UNDP), 2015 by <https://www.undp.org/content/undp/en/home/sustainable-development-goals.html> (afgelaai op 23 Oktober 2019).

Vrouemoord (GGGV) (2020) en die NJB 2030. Ten einde aandag te skenk aan die behoeftes en uitdagings wat veral ervaar word deur vroue wat deur GGG geraak word, is die NSP oor GGGV (2020) daarop gemik om 'n samehangende, multisectorale strategiese raamwerk vir 'n omvattende nasionale reaksie op GGG en vrouemoord te verskaf. In reaksie hierop het die Wes-Kaapse Ministerie van Maatskaplike Ontwikkeling deur 'n geïntegreerde proses met alle WKR-departemente 'n WKR GGG-implementeringsplan ontwikkel om die krisis van geweld teen vroue en kinders aan te spreek. Die departement se reaksie op en hantering van hierdie krisis word verder ondersteun deur die prioritisering van hulpbronne vir die verskaffing van skuilingsdienste, terapeutiese en psigososiale ondersteuningsdienste en GGG-voorkoming en -opleiding. Om te verseker dat jongmense met inligting, kennis en vaardighede bemagtig en toegerus word, maak die NJB 2030 voorsiening vir gespesialiseerde intervensies vir jeugontwikkeling wat die holistiese en positiewe ontwikkeling van jongmense as individue en lede van gesinne en gemeenskappe fasiliteer.

Vir intervensies met betrekking tot die voorkoming, behandeling en rehabilitasie van middelmisbruik, belyn die departement met die *Convention on Psychotropic Substances* en die Suider-Afrika Ontwikkelingsgemeenskap se *Protocol on the Combatting of Illicit Drugs*. Alhoewel Suid-Afrika nie 'n ondertekenaar van die *UN Convention against the Illicit Trafficking of Narcotic Drugs and Single Convention on Narcotic Drugs* is nie, onderskryf die land wel die beginsels en wese van die konvensie.

Deel B: Ons strategiese fokus

Visie

'n Selfonderhoudende samelewing.

Missie

Om te verseker dat 'n omvattende netwerk van maatskaplike-ontwikkelingsdienste gelewer word wat die armes, die kwesbares en diegene met spesiale behoeftes van geleenthede voorsien en bemagtig.

Waardes

Die departement onderskryf die kernwaardes van die WKR, naamlik:



Omgee



Bevoegdheid



Aanspreeklikheid



Integriteit



Innovasie



Responsiwiteit

4. Situasie-ontleding

Die departement het sy provinsiale voetspoor vergroot en het gegroei van een hoofkantoor met 16 distrikskantore in 2009 tot een hoofkantoor wat toesig hou oor ses streekkantore met 45 plaaslike kantore, waaronder verskeie dienspunte. In landelike gebiede waar toeganklikheid dikwels deur afstand bemoeilik word, het die departement 'n diensleweringspan per plaaslike munisipaliteit op die been gebring. Voorts het die departement ongeveer 1 000 oordragbetalingssooreenkomste met OSW's aangegaan om doeltreffende en doelmatige dienslewering moontlik te maak. Deur hierdie uitgebreide netwerk verseker die departement dat dienste nader aan gemeenskappe gebring word sodat diegene met die grootste nood gehelp kan word.

4.1 Ontleding van die eksterne omgewing

Die breër sosio-ekonomiese impak van COVID-19 en die gevoglike inperkingsmaatreëls op individue, huishoudings en gemeenskappe is 'n sleutelfaktor wat die prioritisering van dienste inlig. In ooreenstemming hiermee word die Provinciale Brandpunt-strategie in oorleg met leidende provinsiale departemente soos Gesondheid en Onderwys geïmplementeer om die veiligheid van personeel en kliënte te verseker deur volgehoud bewusmaking oor sosiale distansiëring, die dra van maskers en die ontsmetting van hande en oppervlaktes.

Die Wes-Kaapse bevolking word in 2022² op 7.2 miljoen geskat, bestaande uit meer as 2 miljoen huishoudings met 'n gemiddelde huishoudinggrootte van 3.4 lede. Die werkloosheidsyfer in die provinsie was voor die inperking 20.9 persent. Die provinsiale werkloosheidskoers het sedertdien teen die derde kwartaal van 2021 tot 26.3 persent gestyg. 'n Toename in werkloses wat nie werk soek nie, is ook oor dieselfde tydperk waargeneem. Met inagneming van die uitgebreide definisie van werkloosheid, wat werkloses wat nie werk soek nie, insluit, het werkloosheid van 24.8 persent in die eerste kwartaal van 2020 tot 30.3 persent teen die derde kwartaal van 2021³ gegroeи.

Werkverliese en groeiende werkloosheid gedurende die inperking het die risiko van voedselonsekerheid en hongersnood in sowel die metro- as niemetropgebiede van die provinsie verhoog, met baie lede van huishoudings wat nie vir hulself en hul gesinne kon voorsien nie. Wes-Kaapse huishoudings wat onvoldoende toegang tot voedsel gehad het, het gestyg tot 13.6 persent in 2020⁴ van 10.4 persent in 2019⁵. Insgelyks het huishoudings met hoogs onvoldoende toegang tot

² Statistiek Suid-Afrika (2021). Mid-Year Population Estimates MYPE 2021.

³ Statistiek Suid-Afrika (2021). Quarterly Labour Force Survey QLFS Q3:2021.

⁴ Statistiek Suid-Afrika (2021). General Household Survey 2020.

⁵ Statistiek Suid-Afrika (2020). General Household Survey 2019.

voedsel oor dieselfde tydperk tot 10.1 persent van 7.4 persent toegeneem. In reaksie hierop het die departement voortgegaan om die afgelope jaar maaltye aan geteikende begunstigdes by voedingsterreine en GVOS'e te voorsien; gemeenskapskombuise te ondersteun en met OSW's en munisipaliteite saam te werk om voedselsonsekerheid aan te spreek, en maatreëls is in plek gestel om die sluiting van OSW's te mitigeer of te vermy. Inperkingsmaatreëls het ook 'n nadelige invloed gehad op die vermoë van haweloses om hul bestaande metode van skuilings te gebruik. Die departement het voortgegaan om in oorleg met munisipaliteite ondersteuning aan hierdie tydelike skuilings te bied, om die uitbreiding van bedspasie in befondsde skuilings te handhaaf en om psigososiale ondersteuning- en herenigingsdienste aan hawelose volwassenes en hul gesinne te lewer.

COVID-19 het ook 'n beduidende impak op die welstand en veerkragtigheid van gesinne gehad, soos duidelik blyk uit die merkbare toename in die vraag na psigososiale ondersteuningsdienste sedert die 2020/21-boekjaar. Wat kommerwekkend is, is die impak van COVID-19 en die inperkingsmaatreëls op kinders. 'n Geskatte 2 miljoen kinders⁶ tussen die ouderdom van 0 en 17 jaar woon in die Wes-Kaap, wat omtrent 'n derde van die bevolking uitmaak. In die ouderdomsgroep 0 tot 4 jaar het die provinsie ongeveer 583 728 kinders². Kinders in die provinsie se kwesbaarste en mees gemarginaliseerde gebiede staan voor 'n hoë risiko van wanvoeding en geweld, soos weerspieël in die tendense vir kindermoord⁷ en seksuele viktimisasie⁸. Die kwesbaarheid van hierdie kinders het toegeneem weens groeiende voedselsonsekerheid in huishoudings⁹ wat 'n hoër risiko vir belemmerde groei, wanvoeding en verwaelosing in kinders inhoud in vergelyking met die tydperk voor COVID-19. 'n Verdere risiko vir kinders is die moontlike onderrapportering en laat opsporing van gevalle van kinders wat as gevolg van die sluiting van skole en VKO's gedurende die inperkingstydperk sorg en beskerming nodig het. Die departement het sy statutêre mandaat ten opsigte van kindersorg en -beskerming uitgevoer en sy invloed versterk deur die koördinering van VVI-dienste via die geïntegreerde Risiha-program (voorheen Isibindi) wat bestaan uit inloopsentrums, NSS-sentrums en koppels aan die Risiha-program, en die ontwikkeling van veerkragtigheid deur middel van dienste vir gesinsbehoud en -versterking.

Die Wes-Kaap is die tuiste van 2.4 miljoen¹⁰ jeugdiges tussen die ouderdom van 15 en 34 jaar. Werkloosheid, sosiale patologieë (soos middelmisbruik en bendeverbante aktiwiteit), die negatiewe impak van inperkingsmaatreëls op opvoedkunde en reeds beperkte werksgeleenthede, asook 'n swak Suid-Afrikaanse ekonomie het steeds 'n negatiewe impak op hierdie ouderdomsgroep.

Hierdie risikofaktore affekteer die welstand van jongmense in die provinsie en verhoog die belangrikheid van die departement se fokus op jeugontwikkeling deur die verskaffing van vaardighede, opleiding en geleenthede vir persoonlike ontwikkeling, insluitend aanlyn opleiding en die samestelling van werkprofiële van die jeug wat jeugkafees bywoon. Die UOWP is 'n sleutelprogram wat daarop gerig is om deur middel van tydelike werk vir werkloses, vaardighedsopleiding en inkomsteverligting te bied. Hierdie program poog om oor die kort tot medium termyn deur die skepping van werksgeleenthede binne die OSW-sektor 'n mate van maatskaplike beskerming te bied.

Jeugdiges wat met die gereg bots, is 'n groot bron van kommer vir die provinsie, veral jeugdiges wat by geweldsmisdaad betrokke is. Volgens die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se kwartaallikse misdaadsyfers vir kwartaal 2: 2021/22¹¹ (2021), is agt polisiestasies in die provinsie ingesluit by die lys van die top 30 polisiestasies in die land waar moord aangemeld word, en nege waar algemene aanranding aangemeld word. Die meeste van hierdie polisiestasies is in die Kaapse Metro geleë.

⁶ Statistiek Suid-Afrika, 2022. Mid-year Population Estimates MYPE 2021 Single ages by District WC 2011-2031 Beta.

⁷ Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO), 2019. Internal Analysis of SAPS Child Murder Data in the Western Cape 2013-2018.

⁸ Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2018). An Evaluation of Psycho-Social Support Services, funded by the Department of Social Development, for Victims of Sexual Offences at selected Thuthuzela Care Centres in the Western Cape. Interne verslag opgestel deur Petro Brink en Faheemah Esau.

⁹ Direktoraat Navorsing, Bevolking en Kennisbestuur (2020). Is hunger growing because of COVID-19? – The DSD experience. Ongepubliseerde verslag.

¹⁰ Statistiek Suid-Afrika (2021). Mid-Year Population Estimates MYPE series 2021

¹¹ Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), 2021. Second Quarter Crime Statistics 2021/22.

Wat ouer persone betref, het die Wes-Kaap na raming 770 847 persone van 60 jaar en ouer (in 2022), waarvan 58 persent vroue is. Die totale vooruitgeskatte getal sal teen 2031¹² na 1 084 180 groei en sal bykans verdriedubbel na 2 044 461 teen 2050¹³. Die departement verseker steeds toegang tot gehalte dienste in maatskaplike ontwikkeling vir ouer persone deur die verskaffing van hulpleef- en selfsorg inwoningsfasiliteite, versorging van verswaktes en gepaste gemeenskaps-gebaseerde intervensies, met die doel om seker te maak dat die waardigheid en regte van ouer persone gehandhaaf word. Die departement het en sal voortgaan om COVID-19-infeksiekoerse te monitor en om gesondheids- en veiligheidsprotokolle by residensiële fasiliteite regoor die provinsie te handhaaf.

Herstelintervensies ter ondersteuning van persone met gestremdhede sluit in die hoofstroming, ondersteuning en bevordering van die regte, welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van persone met gestremdhede, hul gesinne en versorgers sodat hulle bemagtig word en 'n gelyke geleentheid het om aan alle sfere van die lewe deel te neem. Die departement sal voortgaan om COVID-19-infeksiekoerse te monitor en om gesondheids- en veiligheidsprotokolle by residensiële fasiliteite en dagsorgsentrums regoor die provinsie te ondersteun.

Die voorkoms van sosiale misdaad in die Wes-Kaap bly kommerwekkend. Die aantal aangemelde gevalle van moord in die provinsie het toegeneem van 2 308 in 2010/11 tot 3 818 in 2020/21 (SAPD, 2021) met 'n voorkomssyfer van 40.3 (vir 2010/11) en 54.4 (vir 2020/21) per 100 000 van die bevolking. In vergelyking hiermee het die voorkomssyfer van moord vir die land as geheel toegeneem van 31.3 per 100 000 in 2010/11 (15 983 gevallen) tot 33.3 per 100 000 (19 846 gevallen) in 2020/21.

Seksuele oortredings¹³ wat met GGG verband hou, het 6.9 persent (6 456) van hierdie kontakmisdade in die 2020/21-boekjaar uitgemaak. Verdere ontleiding van SAPD-misdaadsyfers vir 2020/21 duï aan dat die nasionale koers vir seksuele oortredings 78.0 per 100 000 van die bevolking is (46 447 voorvalle), terwyl die Wes-Kaapse koers baie hoër is op 92.0 per 100 000 (6 456 voorvalle 2020/21) van die bevolking¹⁴. Op nasionalevlak was verkragting die algemeenste tipe seksuele oortreding wat aangemeld is, met 36 463 voorvalle wat nasionaal in 2020/21 aangemeld is. In die Wes-Kaap is 4 439 seksuele oortredings in 2020/21 aangemeld. Die toename van 4.9 persent in gevallen van verkragting in die provinsie van 2018/19 tot 2019/20 is kommerwekkend, aangesien die tendens van aanmelding in voorafgaande jare 'n afwaartse neiging getoon het.

Wat ook kommerwekkend is, is die verslag oor die SAPD se misdaadsyfers van 2021¹⁵ wat aandui dat nege polisiestasies in die lys van die top 30 stasies in die land wat seksuele aanranding aanmeld, in die Wes-Kaap geleë is. Berigte van toenemende GGG, spesifiek gesinsgeweld gedurende die inperkingstydperk, het die kwasbaarheid van vroue uitgelig, veral diegene in huishoudings wat 'n toename in sosio-ekonomiese druk ervaar. Geweld teen vroue en kinders word dikwels deur middelmisbruik aangevuur, en die departement sal dus voortgaan om MGS-dienste te verskaf. Dit sluit 'n reeks dienste vir voorkoming, vroeë intervensie, behandeling en nasorg in om die doeltreffende herintegrasie van kliënte in hul gemeenskappe van oorsprong en die samelewning in die algemeen te verseker. Inisiatiewe om die skadelike effekte van fetale alkoholsindroom by kinders aan te pak, sal steeds geïmplementeer word. Die departement sal voortgaan met die verskaffing van programme vir die voorkoming en behandeling van MGS in al die departement se KJSS'e en hierdie dienste sal uitgebrei word na GGG-skuilings asook skuilings vir hawelose volwassenes. 'n Aansienlike toename in slagoffers van GGG wat toegang tot psigososiale ondersteuningsdienste verkry, is tydens die COVID-19-inperking waargeneem in vergelyking met die vorige boekjaar. GGG-intervensies wat deur die departement geïmplementeer is, sluit in die aanstelling van maatskaplike werkers by alle DMO-streekkantore om te help met die voorsiening van terapeutiese ondersteuning aan slagoffers van seksuele misdaad, die ontplooiing van OSW-maatskaplike werkers na geïdentifiseerde misdaadbrandpuntgebiede, en die volgehoue befondsing van 26 skuilings vir mishandelde vroue en hul kinders. Dienste vir slagofferbemagtiging sluit in ondersteuning vir slagoffers van mensehandel en slagoffers van seksuele geweld, asook GGG-voorkomingsopleiding wat geïntegreer is by onderrig- en opleidingsprogramme vir ouers en ander programme in alle DMO KJSS'e.


¹² Statistiek Suid-Afrika, 2020. *Mid-year Population Estimates MYPE Single ages by Province 2002-2050_2020*.


¹³ SAPD. 2021. Kwartaallikse misdaadsyfers van 2020/21 gekombineer en intern deur die Direktoraat Navorsing en Inligtingsbestuur ontleed.

¹⁴ Statistiek Suid-Afrika, 2020. *Mid-year Population Estimates MYPE Single ages by Province 2002-2050_2020*.

¹⁵ SAPD. 2021. *Second Quarter Crime Statistics 2021/22*.

Figuur 2: DMO-diensleveringsgebiede en GGG-diensorganisasies in die Wes-Kaap



Figuur 3: DMO-diensleveringsgebiede en GGG-diensorganisasies in die Kaapse Metropool

4.2 Ontleding van die interne omgewing

Met die oog op doeltreffende, effektiewe en responsiewe dienslewering, het die departement verbeterings aan die organisasiestruktuur, streng maatreëls vir kostebekamping en verbeterings aan oorsigbestuurstelsels, sakeprosesse en strategieë geïmplementeer. Organisatoriese ontwikkelingsprosesse wat geïnisieer is om die doeltreffendheid van die organisasiestruktuur te verbeter, sluit in:

- Die sentralisering van die verkrygingsfunksie van voorsieningskanaalbestuur (VKB) by hoofkantoor, veral die behoefte aan menslike hulpbronne vir die sentralisering van die funksie.
- Die belyning van streekstrukture met die norme en standarde van maatskaplike werkers, en die administratiewe ondersteuningspersoneel van wie daar verwag word om aan hierdie norme en standarde te voldoen.

Verdere pogings om 'n optimale organisasiestruktuur ter ondersteuning van dienslewering te verseker, sluit in:

- Die volle implementering van die ontbondeling van die Hoofdirektoraat: Maatskaplike Welsyn in die Hoofdirektoraat: Maatskaplike Welstand en Herstellende Dienste en die Hoofdirektoraat: Kinders, Gesinne en VKO.
- Die verskuiwing van die Direktoraat: Spesiale Programme vanaf die Hoofdirektoraat: Maatskaplike Welstand en Herstellende Dienste na die Hoofdirektoraat: Kinders, Gesinne en VKO vanaf 01 April 2022, ná die verskuiwing van die VKO-funksie na die WKOD.

Die proklamasie van die VKO-funksie na die WKOD en die voltooiing van die vereiste prosesse beteken dat die funksie in sy geheel vanaf 01 April 2022 na die WKOD sal verskuif. Die verskuiwing van die funksie gaan gepaard met die vereiste hulpbronne, insluitend finansiële en menslike hulpbronne asook data-inligting, instrumente en stelsels wat die funksie ondersteun. NSS bly die verantwoordelikheid van DMO en die nodige begroting, personeel en hulpbronne sal behou word in ooreenstemming met die uitkoms van die evaluering van die organisatoriese ontwerp.

Die veiligheid en welstand van personeel is van kardinale belang. Personeel wat aan die front in hoërisikogebiede werkzaam is, word toenemend aan misdaad en geweld blootgestel. Die departement het derhalwe verskeie maatreëls ingestel om hierdie risiko te versag, insluitend 'n vennootskap met die SAPD, die Departement van Gemeenskapsveiligheid (DvGV) en die Provinciale Gesamentlike Operasionele Komitee om die sekuriteit van personeel in hoërisikogebiede te versterk, en die installering van veiligheid- en sekuriteitstoerusting as deel van alle kapitaal- en instandhoudingsprojekte onder toesig van die Departement van Vervoer en Openbare Werke. As 'n departement wat dienste aan die front lewer, is die DMO se personeel daagliks aan die risiko van blootstelling aan COVID-19 blootgestel. Om personeel te beskerm, het die departement in Julie 2021 'n DMO-inentingsprogram geïmplementeer. Die inentingsveldtog het saamgeval met dieselfde maand waarin die nasionale uitrol van die inenting van persone van 35 jaar en ouer plaasgevind het, en die opname was gevvolglik laer as wat verwag is. Personeel sal steeds aktief aangemoedig word om in te ent.

Teen 3.3 persent aan die einde van November 2021, het die departementele vakaturekoers¹⁶ onder die Departement van Staatsdiens en Administrasie se norm van 10 persent en die Forum van Suid-Afrikaanse Direkteurs-Generaal se norm van 5 persent gebly. Vakaturekoerse binne sekere beroepsgroepe, soos kinder- en jeugsorgwers, opvoeders en verpleegkundiges by KJSS'e bly egter 'n uitdaging. Die besnoeiing van begrotings wat in alle staatsdepartemente geïmplementeer word, sal in die toekoms 'n beduidende impak op die vulling van poste hê en dus ook die departement se vermoë om dienste te lewer, beïnvloed. Die departement het dus poste geïdentifiseer wat geprioritiseer sal word om die impak op dienslewering te versag.

Die departement het begin met die implementering van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) en sal oor die komende maande verseker dat die Wet asook die regulasies ten volle in die departement geïmplementeer word. 'n Inligtingsbeampte en Adjunkinligtingsbeamptes is aangestel. Die Handleiding van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting is bygewerk om POPIA in te sluit, en die departement het 'n Privaatheidsbeleid en Privaatheidskennisgewing ontwikkel. Evaluerings oor die impak van persoonlike inligting word uitgevoer om risiko's ten opsigte van databeskerming te identifiseer en te minimeer. Die departement het ook begin met 'n

¹⁶ Die vakaturekoers is gegrond op befondsde, gevulde poste en sluit interns uit.

kommunikasie- en voorspraakveldtog om alle personeel in te lig en op te voed oor POPIA en departementele beleide ten opsigte van persoonlike inligting.

Tegnologie speel 'n toenemende rol in die doeltreffende funksionering van organisasies. Die departement poog om op hoogte te bly van tegnologiese verwikkelinge en implementeer stelsels om die beskikbaarheid van bestuursinligting te verbeter in soverre die begroting dit toelaat. Hoewel die ontwikkeling van die OSW-bestuurstelsel afgehandel is, is dit nog nie ten volle geïmplementeer nie aangesien toetsing van die stelsel kwessies rondom die sakeproses blootgestel het wat aandag moes geniet. Die departement sal oor die komende tydperk steeds die opleiding- en implementeringsplan ten opsigte van die OSW-bestuurstelsel uitrol en binne begrotingsbeperkings versterkings aanbring om doeltreffendheid te verbeter. Een van die aanvanklike versterkings is die papierlose departementele 2020/21-beroep op OSW-befondsingsvoorstelle wat nou ook 'n aanlyn aansoekmodule insluit. Hierdie module het OSW's in staat gestel om aanlyn aansoeke op 'n doeltreffender wyse in te dien.

Die departement lewer voortdurend voorspraak vir die gebruik van die elektroniese inhoud-bestuurstelsel om te sorg dat rekords maklik toeganklik vir personeel is. Weens die aanvang van COVID-19 sal die departement voortgaan om sy besparingsmaatreëls in die tegnologiese omgewing te evalueer, veral die opknappingstydperk vir rekenaartoerusting, soos uiteengesit in die Beleid oor Inligting en Tegnologie. Hierdie beleid beperk tans die roetine-vervanging van toerusting soos tafelrekenaars en skootrekenaars van drie tot ses jaar. Die departement kon daarin slaag om e-mobilitet te gebruik om data en konnektiwiteit aan maatskaplike werkers en ander sleutel-departementele personeel te voorsien om hul funksies tydens die verskillende stadiums van die COVID-19-inperking te verrig. Die Vodacom-kontrak het einde April 2021 geëindig. 'n Nuwe kontrak is met Cell-C aangegaan, inlyn met die nuwe transversale kontrak van Nasionale Tesourie, RT15 2021. NDMO is besig om stelsels soos die Proefgevalbestuurstelsel te implementeer wat 'n funksie vir eindpuntkennisgewing het en wat konnektiwiteit en data sal benodig, en die departement se e-mobilitet sal ook vir hierdie stelsel gebruik word, veral vir werk wat na-ure verrig word. Bitlocker-enkripsie word op alle persoonlike rekenaars, veral skootrekenaars, geïnstalleer om departementele data te beveilig. Dit sal ook die toestelle minder waardevol vir dieve maak. Die Bitlocker-projek het gedurende die laaste deel van 2020/21 begin en sal in die 2022/23-boekjaar afgehandel word. Om die sukses van hierdie projek te verseker, het die departement ook begin met 'n proses om te verseker dat alle persoonlike rekenaars opgegrader word na Windows 10 met Office 365 – 'n voorvereiste vir die Bitlocker-installasie. Waar die persoonlike rekenaars nie met Windows 10 versoenbaar is nie, word hulle vervang. Laastens gaan die departement voort om toegang tot opleiding en kapasiteitsbou in inligtingkommunikasietegnologie aan personeel te verskaf, insluitend die verskaffing van aanlyn opleiding in eindgebruikersagteware.

Die modernisering van die hoofkantoor se kantore het in 2012 begin en ses van die 12 verdiepings is tot dusver opgeknap. Die projek verbeter die benutting van die beperkte vloerruimte en groen ontwerp- en tegnologie-elemente is ingebring om die gebruik van elektrisiteit en water te verminder en sodoe die departement se koolstofvoetspoor te verklein. Die modernisering van die ander vloere by hoofkantoor is weens finansiële beperkings vertraag.

4.3 Navorsingsevaluering wat deur die departement voltooi is

Gegewe die belangrike rol wat evaluatingsnavorsing in die verbetering van dienslewering kan speel, word 'n Navorsing- en Evaluatingsplan jaarliks saamgestel. Hierdie plan identifiseer en beskryf die omvang en doelstellings van evaluatingsnavorsing wat in 'n bepaalde jaar onderneem sal word. Hierdie evaluatings word onderneem volgens die Departement van Beplanning, Monitering en Evaluering se riglyne vir evaluatingsnavorsing sowel as die departementele SBP vir evaluatingsnavorsing.

'n Evaluering van die **DMO-befondsde Aktiewe Ouers van Tieners-programme** sal in die eerste kwartaal van 2022/23 afgehandel word. Die evaluatingsomvang het die ontwikkeling van 'n teorie van verandering ingesluit; assessering van die ontwerp van hierdie tipe programme en assessering van verskeie elemente van programimplementering. Die evaluering het 'n sterk formatiewe element ingesluit. Wat beplande evaluatingsnavorsingsprojekte vir die 2022/23-bedryfsjaar aanbetrif, sal daar na die volgende projekte gekyk word: Die evaluering van intervensies vir die mishandeling van ouer persone, die model oor die Khusuleka-eenstopsentrum en die model straatkinders.

Deel C: Ons prestasiemeting

5. Institusionele programprestasie-inligting

5.1 Program 1: Administrasie

Doel van die program

Hierdie program behels die strategiese bestuur- en ondersteuningsdienste op alle vlakke van die departement, naamlik op provinsiale, streek-, distrik- en faciliteit-/institusionele vlak.

Let wel: Die Sentrum vir Korporatiewe Dienste (SKD) in die Departement van die Premier (DvdP), lewer ondersteuningsdienste ten opsigte van die bestuur van menslike hulpbronne aan die department.

Die program bestaan uit die volgende subprogramme:

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

Doel van subprogram

Voorsien 'n politieke en wetgewende koppelvlak tussen die regering, die burgerlike samelewing en ander relevante belanghebbendes.

Subprogram 1.2: Korporatiewe Bestuursdienste

Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die strategiese rigting en algehele bestuur en administrasie van die departement.

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk			
			2018/19	2019/20	2020/21		2021/22	2022/23	2023/24	2024/25
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering	Kapasiteitsbou van maatskaplike-werk- en verwante beroepe.	1.2.1.1 Getal opleidings-intervensiess vir maatskaplike-werk- en maatskaplike-werk-verwante beroepe.	25	29	29	29	29	29	29	29
		1.2.1.2 Getal beurse toegeken.	N.V.T.	N.V.T.	146	109	109	109	109	109
	Maatskaplike werkers is in diens van die DMO.	1.2.1.3 Getal maatskaplike werkers in diens van die DMO gedurende 'n boekjaar ¹⁷ .	N.V.T.	N.V.T.	948	876	876	876	876	876
	Tydige betaling van fakture.	1.2.1.4 Persentasie fakture wat binne 30 dae aan DMO-diensverskaffers betaal is.	N.V.T.	N.V.T.	99.9%	100%	100%	100%	100%	100%

¹⁷ Hierdie aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwyser, "Verhoog die getal professionele maatskaplike dienswerkers in die staatsdiens".

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk			
			2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering	Om goede oorsigbestuur ter ondersteuning van gehalte-dienslewering te bevorder.	1.2.1.5 Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) se mening oor die audit van finansiële state en verslag oor die bruikbaarheid en betrouwbaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting.	N.V.T.	n.v.t.	Skoon Oudit	Skoon audit	Skoon audit	Skoon audit	Skoon audit	

Uitsetaanwysers: jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
1.2.1.1 Getal opleidingsintervensies vir maatskaplikewerk- en maatskaplikewerk-verwante beroepe.	29	-	-	-	29
1.2.1.2 Getal beurse toegeken.	109	-	-	-	109
1.2.1.3 Getal maatskaplike werkers in diens van die DMO gedurende 'n boekjaar.	876	-	-	-	876
1.2.1.4 Persentasie fakture wat binne 30 dae aan DMO-diensverskaffers betaal is.	100%	-	-	-	100%
1.2.1.5 Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) se mening oor die audit van finansiële state en verslag oor die bruikbaarheid en betrouwbaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting.	Skoon audit	-	-	-	Skoon audit

Subprogram 1.3: Distrikbestuur¹⁸

Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die desentralisasie, bestuur en administrasie van dienste op distrikvlak binne die departement.

Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk

Prioriteit 1 van die hersiene MTSR 2019-2024 gaan oor die behoeftes om verantwoordelikhede toe te wys, verantwoordbaarheid vir prestasie te verseker en gevolgebestuur te implementeer. Dit word in WKR VIP 5 weerspieël: "Innovasie en kultuur" deur die kernintervensie, "Verbeterde doeltreffendheid en effektiwiteit van organisatoriese prestasie". Om te verseker dat oorsigbestuur en dienslewering verbeter word, moet 'n bevoegde personeelkorps asook prosesse vir gereelde organisatoriese herontwerp in plek wees om doeltreffendheid en die effektiwiteit van personeel te verbeter.

Die departement se planne en begrotings sal steeds herrig word na die behoeftes van die gemeenskappe wat bedien word, asook na provinsiale en nasionale prioriteite. Gedurende hierdie mediumtermyn-uitgaweraamwerk (MTUR) sal die departement se strategiese besluite deur die volgende beginsels geleei word:

- Die belyning van beleidsprioriteite met die Wes-Kaapse Herstelplan, onderstut deur die PSP en die DMO se Strategiese Plan.
- Die handhawing van die lewering van statutêre dienste ingevolge die departement se primêre wetgewende mandate en verpligte funksies, soos die uitvoering van intervensies volgens hofbevele.
- Die versterking van invloed en koördinering tussen die verskillende areas van dienslewering en vlakke van regering om hoër impak en doeltreffendheid te bereik.
- Die vulling van poste wat 'n prioriteit vir dienslewering is.

Die departement sal strategies daarop fokus om die volgende te verseker:

¹⁸ Die opskrif Distrikbestuur word kragtens die nasionale begrotingstruktuur voorgeskryf. Die Wes-Kaapse DMO se werkzaamhede vind egter deur streekskantore plaas.

- Organisatoriese herontwerp om doeltreffendheid en menslike hulpbronne te versterk. Daar word beoog dat die organisatoriese ontwerpproses ten opsigte van alle streekantore in 2022/23 sal hervat en in 2023/24 afgehandel sal wees.
- Progressiewe verbetering van die maatskaplike werker-tot-bevolking-verhouding van 1: 4 500 (nasionale normverhouding van 1: 5 000 vir stedelike en 1: 2 500 vir landelike gebiede) met inagneming van die aantal gevalle wat deur professionele maatskapliedienstewerkers hanteer word.
- Daar moet 'n progressiewe verbetering in die verhouding van kinder- en jeugsorgwerkers wees in KJSS'e wat beveiligde sorg voorsien, gegewe die feit dat die funksie inbestee word.
- Infrastruktuur: Uitbreiding van plaaslike kantore/dienspunte en instandhouding – onderworpe aan die beskikbaarheid van gesikte persele en die befondsing daarvan.
- Afhandeling van die opleiding van personeel in die gebruik van die OSW-bestuurstelsel en implementering daarvan, insluitend die tydige oplaai van alle relevante inligting en dokumentasie wat nodig is om beter doeltreffendheid van OSW-bestuursinligting te verseker.

5.1.1 Program se hulpbronoorwegings

Die vermindering van R810 duisend in die hersiene skatting van R238.895 miljoen in 2021/22 na R238.085 miljoen in 2022/23 is weens 'n vermindering in basislyntoekennings. Die begrotingstoekenning verhoog daarna na R245.723 miljoen in 2023/24 en R249.127 miljoen in 2024/25.

Opsomming van betalings en skattings – Program 1: Administrasie

Subprogram R'000	Uitkoms			Hoofbegroting	Aan-gesuiwerde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermynskatting			% verandering uit hersiene skatting
	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20	Geoudit 2020/21				2021/22	2021/22	2021/22	
1.1 Kantoor van die LUR	7 564	6 148	7 040	8 265	7 968	7 968	8 588	8 747	8 830	7.78
1.2 Korporatiewe Bestuursdienste	142 943	145 440	144 349	145 318	147 527	147 527	149 937	154 302	157 011	1.63
1.3 Distrikbestuur	73 189	80 424	77 338	81 756	83 400	83 400	79 560	82 674	83 286	(4.60)
Totale betalings en skattings	223 696	232 012	228 727	235 339	238 895	238 895	238 085	245 723	249 127	(0.34)

Opsomming van betalings en skattings per ekonomiese klassifikasie – Program 1: Administrasie

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkoms			Hoofbegroting	Aan-gesuiwerde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermynskatting			% verandering uit hersiene skatting
	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20	Geoudit 2020/21				2021/22	2021/22	2021/22	
Lopende betalings	209 572	212 487	211 942	217 536	219 988	219 988	221 527	228 834	231 174	0.70
Vergoeding van werknelers	172 097	173 315	175 591	178 889	181 867	181 867	180 974	184 232	184 232	(0.49)
Goedere en dienste	37 475	39 172	36 351	38 647	38 121	38 121	40 553	44 602	46 942	6.38
Oordragte en subsidies aan	3 212	3 202	4 737	5 067	7 579	7 579	3 389	5 321	5 560	(55.28)
Departementele agentskappe en rekeninge	2 323	2 549	2 824	2 800	2 800	2 805	2 926	3 054	3 191	4.31
Instansies sonder winsbejag										
Huishoudings	889	653	1 913	2 267	4 779	4 774	463	2 267	2 369	(90.30)
Betalings vir kapitaalbates	10 303	15 817	10 799	12 736	11 086	11 086	13 169	11 568	12 393	18.79
Geboue en ander vaste strukture										
Masjinerie en toerusting	10 303	15 817	10 799	12 715	11 065	11 065	13 147	11 545	12 369	18.82
Sagteware en ander onfasbare bates					21	21	22	23	24	4.76
Betalings vir finansiële bates	609	506	1 249		242	242				(100.00)
Totale ekonomiese klassifikasie	223 696	232 012	228 727	235 339	238 895	238 895	238 085	245 723	249 127	(0.34)

5.1.2 Sleutelrisiko's en versagting daarvan

Uitkoms	Risiko	Versagting van risiko
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.	<p>OSW's se nienakoming van statutêre vereistes gedurende die proses van die toekenning van befondsing.</p> <p>Impak:</p> <p>Onakkurate verslagdoening in OSW-vorderingsverslae oor kwessies rakende finansiële status, inkomste, uitgawes, gebruik van fondse en verslagdoening oor prestasie-inligting.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ■ Verbeterde omsigtigheidsondersoek van OSW's voor die toekenning van befondsing (verifiëring van stawende dokumente). ■ Voortdurende monitering van OSW's deur middel van terreinbesoeke en lessenaarevaluerings, deur finansiële en vorderingsverslae vir ongerymdhede, volledigheid en nakoming van projekdoelwitte na te gaan, en deur periodiek te vereis dat OSW's dokumente as bewys van uitgawes voorlê. Evaluering van finansiële likwiditeit word jaarliks uitgevoer.
	<p>Korrupsie – nepotisme/voortrekker – onverklaarde belang ten opsigte van werwing en keuring en die manipulasie van hierdie proses om 'n sekere kandidaat te bevoordeel.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ■ Nuusflitse oor die Gedragkode word onder werknelmers gesirkuleer om te verseker dat personeel bewus is en hulle weerhou van korrupte aktiwiteite.
	<p>Korrupsie – manipulasie van die VKB-proses om voorkeur te gee aan 'n toekenning vir goedere en/of dienste aan bieërs sonder om die voorgeskrewe verkrygingsproses te volg.</p> <ul style="list-style-type: none"> ■ Samespanning van verkrygingsprosesse tussen bieërs of enige bestaande verskaffers (d.w.s. horizontale verhoudinge) om te verseker dat toekennings ten gunste van een of ander bieër gemaak word. ■ Insgelyks, samespanning tussen amptenare en bieërs en/of bestaande verskaffers ten opsigte van interne departementeel telkaarte vir evalueringsvereistes, prysbepaling en die punte vir breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging wat beskikbaar gestel word om 'n onbillike voordeel in die verkrygingsproses te kry. 	<ul style="list-style-type: none"> ■ Nuusflitse oor die Gedragkode word onder werknelmers gesirkuleer om te verseker dat personeel bewus is en hulle weerhou van korrupte aktiwiteite. ■ VKB-kontroles in plek om te verseker dat VKB-amptenare etiese standaarde kragtens die regulasies van Nasionale Tesourie nakom. VKB-amptenare onderteken 'n Gedragkode in hierdie verband. ■ 'n Departementeel-goedgekeurde strategie oor etiek- en integriteits-bestuur en werknelmers se bywoning van opleiding om etiese gedrag in die hantering van verkryging te veranker. ■ Periodieke hersiening van die verkrygingsprosesse wat op toegekende kontrakte geïmplementeer is. ■ Personeel voltooi finansiële openbaarmakings en verklaring van belang en dit word deur die departementeel etiekbeampte hersien om enige potensiële of waargenome belangebotsing te identifiseer ten einde regverdigte en billike administratiewe optrede deur amptenare (veral lede van die bokomitees en VKB-personeel) te bevorder.

5.2 Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste

Doel van die program

Om in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike samelewingsorganisasies geïntegreerde, ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan die armes en kwesbares te voorsien.

Subprogram 2.1: Bestuur en Ondersteuning

Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die betaling van salarisse en administrasiekoste van die bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme van hierdie program lewer.

Subprogram 2.2: Dienste aan Ouer Persone

Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde dienste vir die versorging, ondersteuning en beskerming van ouer persone.

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25
Arm, kwesbare ouer persone lei 'n aktiewe lewe in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.	Residensiële-sorgdienste-/fasilitete is beskikbaar vir ouer persone.	2.2.1.1 Getal gesubsidieerde beddens in residensiële-sorgfasilitete vir ouer persone.	8 783	8 819	5 000	5 000	4 993	4 993	4 993
	Gemeenskapsgebaseerde sorg- en ondersteuningsdienste is beskikbaar vir ouer persone.	2.2.1.2 Getal subsidies oorgedra na gemeenskapsgebaseerde sorg- en ondersteuningsdienste vir ouer persone.	17 030	16 221	16 396	16 400	13 887	13 887	13 887
	Hulpleef- en selfsorg-inwoningsfasilitete is beskikbaar vir ouer persone.	2.2.1.3 Getal gesubsidieerde beddens in hulpleef- en selfsorginwoningsfasilitete vir ouer persone.	897	718	740	740	740	740	740

Uitsetaanwysers: jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
2.2.1.1 Getal gesubsidieerde beddens in residensiële-sorgfasilitete vir ouer persone.	4 993	4 993	4 993	4 993	4 993
2.2.1.2 Getal subsidies oorgedra na gemeenskapsgebaseerde sorg- en ondersteuningsdienste vir ouer persone.	13 887	13 887	13 887	13 887	13 887
2.2.1.3 Getal gesubsidieerde beddens in hulpleef- en selfsorginwoningsfasilitete vir ouer persone.	740	740	740	740	740

Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermynydperk

Belyn met die NOP se vyfjaar-implementeringsplan se visie van 'n "Hervormde maatskaplike-welsynsektor en -dienste" wat die regte van kwesbare groepe, soos ouer persone, handhaaf, bevorder en beskerm. Hierdie uitkoms verseker dat die departement sy statutêre verpligtinge implementeer deur te verseker dat die fasilitete en programme wat tot ouer persone se beskikking is, aan statute en tersaaklike norme en standarde voldoen. Die departement gaan verder vennootskappe aan met die OSW-sektor, ander staatsdepartemente en plaaslike owerhede om toegang tot dienste van gehalte aan ouer persone te bied.

Die primêre doelwit van die program is om sorg, ondersteuning en beskerming aan arm, kwesbare ouer persone binne hul gemeenskappe te bied.

Daarenteen sal die program gespesialiseerde dienste ten opsigte van die mishandeling van bejaardes en die sorg en ondersteuning van persone met demensie en Alzheimer's handhaaf, asook om ouer persone te beskerm teen verskeie ekonomiese veranderlikes wat 'n negatiewe impak op hulle lewensgehalte en welstand kan hê.

Die volgende inisiatiewe sal vir die duur van die MTUR ontwikkel, geïmplementeer en/of voortgesit word:

- Die uitbreiding van die mentorskapmodel om residensiële fasilitete te help wat nie onder toesig van 'n moederliggaam bedryf word nie, nie oor sterk kapasiteit in oorsigbestuur beskik nie en finansieel in gevaar verkeer. Die mentor verskaf onderrig, mentordienste en ondersteuning om die korrekte en tydige implementering van beleide en procedures te verseker sodat die fasilitete voorgeskrewe minimum norme en standarde nakom en gehaltdienste lewer;
- Registrasie van residensiëlesorgfasilitete vir verswakte ouer persone en dienssentrums binne gemeenskappe; om nakoming van minimum norme en standarde en dielewering van gehaltdienste te verseker;
- Deurlopende ondersteuning vir alternatiewe sorg en ondersteuningsmodelle soos selfsorg en hulpleef om die opsies van veiligheid en sorg vir onafhanklike ouer persone, asook diegene wat hulp met aktiwiteite in hul daaglikse lewe benodig, te verseker; en
- Versterking van gemeenskapsgebaseerde sorg- en ondersteuningsdienste deur 'n model vir gemeenskapsgebaseerde sorg te ontwikkel as deel van die strategie om bestaande maatskaplike-welsynsdienste vir ouer persone in die provinsie in stand te hou en te ondersteun sodat ouer persone vir so lank as moontlik by hul gesinne en gemeenskappe kan bly.

Addisionele ondersteuning sal gebied word aan residensiële fasilitete vir ouer persone in die vorm van voorkoming- en bestuursprotokolle, verdere maatreëls om higiëne te verbeter en die verspreiding van COVID-19 te verlaag, en die monitering van residensiële fasilitete om nakoming van streng norme en standarde te verseker. Residensiële fasilitete en gemeenskapsgebaseerde sorg- en ondersteuningsdienste sal ook aangemoedig en ondersteun word om die inenting van inwoners, personeel en lede te bevorder, in staat te stel en te verseker sodat die verspreiding van COVID-19 beter bestuur en verminder kan word.

Subprogram 2.3: Dienste aan Persone met Gestremdhede

Doele van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en lewer dienste wat die bevordering van die welstand en die sosio-ekonomiese bemagtiging van persone met gestremdhede faciliteer.

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlike teikens							
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk			
			2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	
Persone met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers lei 'n aktiewe lewe in veilige, beskernde en ondersteunende omgewings.	Residensiële fasilitete vir persone met gestremdhede is beskikbaar.	2.3.1.1 Getal gesubsidieerde beddens in OSW-befondsde residensiële-sorgfasilitete vir persone met gestremdhede. ¹⁹	1 885	1 871	1 673	1 674	1 674	1 674	1 674	1 674
		2.3.1.2 Getal persone met gestremdhede wat toegang tot DMO-residensiële fasilitete verkry. ¹²			119	110	110	110	110	110
	Dienste in befondsde beskermende werkswinkels is beskikbaar vir persone met gestremdhede.	2.3.1.3 Getal subsidies oorgedra aan beskermende werkswinkels wat dienste aan persone met gestremdhede verskaf.	2 952	2 950	2 863	2 836	2 961	2 961	2 961	2 961
	Befondsde gemeenskapsgebaseerde dagsorg-programme is beskikbaar vir persone met gestremdhede.	2.3.1.4 Getal subsidies oorgedra aan gemeenskapsgebaseerde dagsorgsentrus vir persone met gestremdhede.	958	971	1 003	1 005	1 049	1 049	1 049	1 049

Uitsetaanwysers: jaarlike en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlike teiken	K1	K2	K3	K4
2.3.1.1 Getal gesubsidieerde beddens in OSW- befondsde residensiële-sorgfasilitete vir persone met gestremdhede.	1 674	1 674	1 674	1 674	1 674
2.3.1.2 Getal persone met gestremdhede wat toegang tot DMO-residensiële fasilitete verkry.	110	110	110	110	110
2.3.1.3 Getal subsidies oorgedra aan beskermende werkswinkels wat dienste aan persone met gestremdhede verskaf.	2 961	2 961	2 961	2 961	2 961
2.3.1.4 Getal subsidies oorgedra aan gemeenskapsgebaseerde dagsorgsentrus vir persone met gestremdhede.	1 049	1 049	1 049	1 049	1 049

Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermynydperk

Ter nakoming van die departement se konstitusionele mandaat rakende die lewering van dienste aan persone met gestremdhede, moet die departement verseker dat responsiewe, gestremdhedspecifieke maatskaplike-ontwikkelingsdienste in plek is. Hierby ingesluit is residensiële sorg,

¹⁹ Hierdie uitsetaanwyser is gedisaggregeer uit die 2020/21-boekjaar.

beskermende werkswinkeldienste, dagsorgprogramme en verposingsorgdienste, en die kapasiteitsbou en bemagtiging van persone met gestremdhede, hul gesinne, versorgers en maatskaplike dienstespraktsyn. Gestremdhed moet verder in alle programme en dienste deel van die hoofstroom gemaak word om die inklusiwiteit van persone met gestremdhede binne die departement en die samelewing as geheel te bevorder.

Sodoende dra die bovermelde uitsette nie alleen by tot die departement se mandate nie, maar ook tot die uitkoms ten opsigte van persone met gestremdhede wat belyn is met prioriteit 4 van die hersiene MTSR 2019-2024, "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer". Ten opsigte van die WKR se VIP 1 en 3, naamlik "Veilige en saamhorige gemeenskappe" en "Bemagtiging van mense", tel kinders, jeugdiges en volwassenes met gestremdhede onder die kwesbaarste groepe binne gemeenskappe en hulle regte moet beskerm word en omgewings moet geskep word wat hulle in staat stel om hul volle potensiaal te ontwikkel. Dit stem ook ooreen met die 2017 NDMO-beleid oor maatskaplike-ontwikkelingsdienste vir persone met gestremdhede wat verseker dat hul waardigheid en regte behoue bly deur sosio-ekonomiese programme en dienste te voorsien wat hul insluiting verseker, asook die 2015 Witskrif oor die Regte van Persone met Gestremdhede en die departement se 2015-strategie om gestremdhed deel van die hoofstroom te maak.

Die program het die volgende sleutelfokusareas vir die MTUR en die lopende boekjaar geïdentifiseer:

- Versterk gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme vir volwassenes met gestremdhede en die standaardisering van dienste om die gehalte van sorg te verbeter;
- Implementeer die registrasie van gedeeltelikesorgfasilitete / dagsorgsentrums vir kinders met gestremdhede om uitvoering te gee aan die wetgewende mandaat van hoofstuk 5 van die Kinderwet;
- Handhaaf ondersteuning aan gestremdheidsdiensorganisasies en organisasies vir gestremde persone wat ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste aan persone met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers lewer;
- Bied leiding en ondersteuning aan dagsorgsentrums en 24-uur-sorgfasilitete vir kinders met erge en diepgaande intellektuele gestremdhed sodat hulle ná die COVID-19-pandemie weer 'n volledige diens kan lewer;
- Bied leiding en ondersteuning aan residensiële fasilitete (24-uur-sorgfasilitete) vir volwassenes met gestremdhede en verseker nakoming van minimumstandaarde vir residensiële fasilitete vir persone met gestremdhede;
- Residensiëlesorgfasilitete vir persone met gestremdhede sal steeds ondersteun word met maatreëls om higiëne te verbeter en die risiko van infeksie onder inwoners en personeel te verlaag;
- Gaan voort om ondersteuning en leiding te bied aan beskermende werkswinkels vir verbeterde dienslewering;
- Versterk strukture wat ondersteuning aan die ouers van kinders met gestremdhede bied, in vennootskap met die OSW-sektor; en
- Verskaf berading- en psigososiale ondersteuningsdienste aan persone met gestremdhede en gemeenskapslede.

Subprogram 2.4: MIV en VIGS

Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde gemeenskapsgebaseerde sorgprogramme en -dienste gerig op die versagting van die maatskaplike en ekonomiese impak van menslike immuniteitsgebreksvirus (MIV) en VIGS.

Programfokus

MIV/VIGS-intervensies en -begroting is by die program Kindersorg- en -beskerming geïntegreer.

Subprogram 2.5: Maatskaplike Noodleniging

Doel van subprogram

Om te reageer op noodbehoeftes wat geïdentifiseer is in gemeenskappe wat geraak word deur rampe wat nog nie verklaar is nie, en/of enige ander maatskaplike toestand wat erge ontbering veroorsaak.

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2018/19	2019/20	2020/21		2021/22	2022/23	2023/24
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Gevalle van erge ontbering geëvalueer.	2.5.1.1 Getal gevalle van erge ontbering (huishoudings) geëvalueer.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	Nuwe Aanwyser	1 073	1 073	1 073
	Rampgevalle geëvalueer.	2.5.1.2 Getal rampgevalle (huishoudings) geëvalueer.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	Nuwe Aanwyser	945	945	945
Die jeug maak positiewe, gesonde lewenskeuses wat hulle welstand bevorder.	Houers met sanitêre pakkies word na geïdentifiseerde skole en fasilitate gestuur.	2.5.1.3 Getal houers met sanitêre pakkies na geïdentifiseerde skole en fasilitate gestuur.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	Nuwe Aanwyser	26 215	27 526	28 902

Uitsetaanwysers: jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
2.5.1.1 Getal gevalle van erge ontbering (huishoudings) geëvalueer.	1 073	254	265	291	263
2.5.1.2 Getal rampgevalle (huishoudings) geëvalueer.	945	228	239	249	229
2.5.1.3 Getal houers met sanitêre pakkies na geïdentifiseerde skole en fasilitate gestuur.	26 215	-	-	-	26 215

Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk

Die Wes-Kaap is blootgestel aan 'n hoë vlak van ramprisiko's weens geværlike weersomstandighede met vloede, droogtes en brande wat aanleiding gee tot wydverspreide ontberings en menslike nood. Verder vererger komplekse humanitêre noodgevalle soos sosiale konflik en massa-uitsettings die maatskaplike kwesbaarheid van die kwesbaarstes en die armes. 'n Vername fokusarea van die subprogram Maatskaplike Noodleniging is om toegang tot omvattende intervensies vir maatskaplike noodleniging te verskaf deur middel van evaluering en verwysings na gepaste intervensies wat psigososiale ondersteuning, voedselverligting en SASSA- geadministreerde maatskaplike noodlenigingsdienste insluit (onmiddellike tydelike finansiële/materiële hulp) ooreenkomsdig onder meer die Wet op Maatskaplike Bystand (Wet 13 van 2004) soos gewysig.

Belyn met prioriteit 4: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer" van die MTSR 2019-2024, speel die voordele van maatskaplike noodleniging 'n belangrike rol om die veerkrachtigheid van gesinne te bou in daardie huishoudings/ gesinne wat erge ontbering moet verduur en/of wat deur rampe van diverse aard getref word. Dit is belangrik dat hierdie gesinne toegang tot psigososiale en die nodige geldelike ondersteuning verkry wat hulle sal help om hul vermoë om die ontberinge te hanteer en hulle veerkrachtigheid te verbeter. Hierdie subprogram dek dus regstreeks die doelstellings van die departementele topprioriteit en veerkrachtigheid van gesinne wat deur VIP 3 geïdentifiseer is: "Bemagtiging van mense" en die bevordering van menseregte deur middel van die tema 'Welstand' in die Wes-Kaapse Herstelplan.

Die projek oor sanitêre waardigheid het ten doel om die welstand, gesondheid, waardigheid en selfvertroue van vroulike leerders te beskerm. Die projek sal voortgaan om sanitêre-higiëne-produkte te voorsien aan jong meisies en jong vroue wat geïdentifiseerde WKOD-skole in alle kwintiele bywoon, asook DMO-befondsde KJSS'e regoor die provinsie.

Die DMO is die leierdepartement met betrekking tot Provinciale Rampbestuur se strategie om die negatiewe gevolge waarvoor huishoudings/individue weens verklaarde/nieverklaarde rampe te staan kom, te versag. 'n Plan wat onder leiding van die DMO se span vir humanitêre noodleniging ontwikkel is, behels voorbereiding om die negatiewe maatskaplike impakte te versag van droogtes, oorstromings en brande wat steeds in dele van die provinsie ondervind word. Die COVID-19-pandemie plaas steeds geweldige druk op die ekonomiese en affekteerde werksekeriteit en huishoudings se vermoë om toegang tot dienste te verkry. Die DMO sal ten nouste met SASSA saamwerk om te verseker dat hierdie gesinne aan voordele vir maatskaplike noodleniging gekoppel kan word. Die departement sal ook voortgaan met die voorsiening van die nodige psigososiale ondersteunings-, trauma- en beradingsdienste deur maatskaplike werkers en personeel wat met gemeenskapsontwikkeling werk, om kontinuïteit van dienste te verseker sonder om COVID-19-gesondheid- en veiligheidsprotokolle in die gedrang te bring.

Die humanitêre noodlenigingswerk wat onder aanvoering van die DMO verrig word, sal in hoofsaak steeds fokus op die daarstelling van 'n werkstroom vir humanitêre noodleniging in die Kaapse Wynland en om streeksbeamptes se kapasiteit ten opsigte van die beleidsriglyne en protokolle vir maatskaplike noodleniging te bou met die oog daarop om die gehalte, toeganklikheid en volhoubaarheid van die intervensies vir kwesbare groepe binne huishoudings te verbeter. Hierdie belangrike intervensies sal uitgebrei word om gebiede in te sluit wat deur die Wes-Kaapse Veiligheidsplan se brandpuntstrategie geïdentifiseer is, asook landelike gebiede wat die swaarste deur voorvalle van rampe, insluitend droogte, geaffekteer word.

5.2.1 Program se hulpbronnoorwegings

Die vermindering van R25.133 miljoen in die hersiene skatting van R1.066 miljard in 2021/22 na R1.040 miljard in 2022/23 is weens die vermindering in die basislyntoekennings en begrotingsdruk. Die begrotingstoekenning verhoog daarna na R1.049 miljard in 2023/24 en verhoog dan na R1.073 miljard in 2024/25.

Opsomming van betalings en skattings – Program 2: Maatskaplike welsynsdienste

Subprogram R'000	Uitkoms			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermynskatting			% verandering in hersiene skatting
	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20	Geoudit 2020/21	2021/22	2021/22	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2021/22
2.1 Bestuur en Ondersteuning	463 065	506 910	523 989	560 005	585 502	585 502	588 620	600 382	603 935	0.53
2.2 Dienste aan Ouer Persone	244 749	258 515	268 430	262 586	261 344	261 342	245 570	240 689	251 640	(6.04)
2.3 Dienste aan Persone met Gestremdhede	172 429	181 690	195 224	198 759	204 941	204 943	191 733	192 948	201 534	(6.45)
2.5. Maatskaplike Noodleniging	5 788	13 705	4 506	13 106	13 486	13 486	14 217	14 995	15 523	5.42
Totale betalings en skattings	886 031	960 820	992 149	1 034 456	1 065 273	1 065 273	1 040 140	1 049 014	1 072 632	(2.36)

Opsomming van betalings en skattings per ekonomiese klassifikasie – Program 2: Maatskaplike welsynsdienste

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkoms			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermynskatting			% verande- ring in hersiene skatting
	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20	Geoudit 2020/21	2021/22	2021/22	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2021/22
Lopende betalings	472 929	529 300	531 331	585 941	608 584	608 584	615 092	631 321	635 451	1.07
Vergoeding van werknemers	415 917	457 136	469 275	504 059	526 085	526 085	529 437	539 259	539 259	0.64
Goedere en dienste	57 012	72 164	62 056	81 882	82 499	82 499	85 655	92 062	96 192	3.83
Oordragte en subsidies aan	393 505	410 049	430 612	418 365	423 048	423 048	396 829	386 739	404 876	(6.20)
Departementele agentskappe en rekeningre	1	1	1	4	4	3	4	6	6	33.33
Instansies sonder winsbejag	392 907	409 233	428 020	417 919	418 234	418 234	390 862	386 248	404 364	(6.54)
Huishoudings	597	815	2 591	442	4 810	4 811	5 963	485	506	23.95
Betalings vir kapitaalbates	19 597	21 471	30 206	30 150	33 641	33 641	28 219	30 954	32 305	(16.12)
Geboue en ander vaste strukture			173							
Masjinerie en toerusting	19 597	21 471	30 033	30 150	33 641	33 641	28 219	30 954	32 305	(16.12)
Betalings vir finansiële bates										
Totale ekonomiese klassifikasie	886 031	960 820	992 149	1 034 456	1 065 273	1 065 273	1 040 140	1 049 014	1 072 632	(2.36)

Die departement se planne en begrotings sal voortdurend herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffendste en effektiefste aanpassing te verseker tussen die gemeenskap se behoeftes en nasionale prioriteit en provinsiale VIP's, soos aangedui onder die subprogramme.

Die volgende beginsels sal die begrotingsbesluite oor die MTUR rig:

- Implementering van die hofuitspraak met betrekking tot persone met intellektuele gestremdhede – insluitend subsidiebefondsing vir vervoer;
- Voorsiening vir addisionele befondsing en uitbreiding van mediese personeel by Sivuyile;
- Implementering van die projek oor sanitêre waardigheid; en
- Beperkte finansiële hulpbronne.

5.2.2 Sleutelrisiko's en versagting daarvan

Uitkoms	Risiko	Versagting van risiko
Arm, kwesbare ouer persone lei 'n aktiewe lewe in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.	<p>Nienakoming van die statutêre vereistes van die Wet op Ouer Persone, Wet 13 van 2006.</p> <p>Beperking op dielewering van doeltreffende dienste aan ouer persone, soos om nie toepaslik gekwalifiseerde verpleegkundiges en opgeleide versorgers by residensiële fasilitete te hê nie.</p> <p>Gebrek aan optimalelewering van gemeenskapsgebaseerde sorg- en ondersteuningsdienste as gevolg van 'n vermindering in die begroting en die risiko van totale sluiting van OSW's.</p> <p>Gebrek aan voldoende kapasiteit vir OSW's se implementering volgens die vereistes van norme en standaarde.</p> <p>Impak:</p> <ul style="list-style-type: none"> Moontlike litigasie teen die departement. Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie volgens standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word. 	<ul style="list-style-type: none"> Program implementeer planne volgens die bepalings van die Wet. Jaarliks skakeling met belanghebbendes om begrip en nakoming van norme en standaarde kragtens die Wet te verseker. Lynmonitoring van fasilitete en dienste en programimplementering, insluitend lessenaarevaluerings en die gebruik van virtuele platforms. Prioritisering van basiese dienste by dienssentrum vir ouer persone.
	<p>Onvermoë om monitoring- en evalueringsfunksies (M&E) te verrig as gevolg van COVID-19-rampregulasies en die risiko dat personeel besmet sal word.</p> <p>Beperkings op gereeldeskakeling (fisiës) met belanghebbendes weens risiko van COVID-19-infeksie.</p>	<p>Beperkte fisiese kontak met OSW's:</p> <ul style="list-style-type: none"> Monitoring via lessenaarevaluerings. Stawende dokumente geskandeer en per e-pos vir verifiëring gestuur. Beperkte besoeke op die perseel, waar moontlik, om inligting te bevestig. <p>Virtuele platforms word gebruik:</p> <ul style="list-style-type: none"> Virtuele en telefoniese skakeling. Skriftelike kommunikasie (e-pos).
Personne met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers lei 'n aktiewe lewe in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.	<p>Beperking in dielewering van doeltreffende dienste aan persone met gestremdhede.</p> <p>Onvoldoende voorsiening van fasilitete en dienste vir persone wat uitdagings met geestesgesondheid ervaar.</p> <p>Impak:</p> <ul style="list-style-type: none"> Kan daartoe lei dat die departement onder druk geplaas word om plasings te doen wat onvanpas kan wees. Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie volgens standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word. 	<ul style="list-style-type: none"> Skakeling met die DvG oor kwessies rakende lisensiëring ten opsigte van residensiële fasilitete, soos fasilitete vir kinders/volwassenes met intellektuele gestremdhede.
	Afhanklikheid van intersektorale en intrasektorale belanghebbendes tydens die registrasieproses van gedeeltelikesorgfasilitete vir kinders met gestremdhede.	<ul style="list-style-type: none"> Voortgesette skakeling met die DvG oor kwessies rakende lisensiëring ten opsigte van fasilitete vir kinders met erge en diepgaande intellektuele gestremdhedten einde aan die

Uitkom	Risiko	Versagting van risiko
Persone met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers lei 'n aktiewe lewe in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.	Impak: Nienakoming van wetgewende vereistes. Ongeregistreerde residensiëlesorg- en gedeeltelikesorgfasiliteite.	Kinderwet te voldoen. <input checked="" type="checkbox"/> Deurlopende interaksie met die DvG oor die toepaslike plasing en sorg van persone wat uitdagings met geestesgesondheid ervaar.
	Beperkte befondsing vir OSW's wat sorg- en ondersteuningsdienste lever aan persone met gestremdhede en hul gesinne. Impak: Beperkte toegang tot sorg- en ondersteuningsdienste deur persone met gestremdhede en hul gesinne.	<input checked="" type="checkbox"/> Verskaffing van noodsaaklike dienste vir persone met gestremdhede.
	Toename in sterftekoers weens COVID-19-infeksies onder personeel en kliënte in residensiële fasiliteite.	<input checked="" type="checkbox"/> Implementering van COVID-19-verwante regulasies.
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Nienakoming van die vereistes van die Wet op Maatskaplike Bystand met betrekking tot maatskaplike noodleniging en die ondersteunende protokolle en SBP. Toenemende vraag na humanitaire noodleniging met die verklaring van nasionale, provinsiale en/of distriksgbaseerde rampe (bv. COVID-19-pandemie, droogte, oorstromings, brande en/of die uitbreek van voëlgriep). Impak: Gekompromitteerde lewensgehalte van kwesbare huishoudings weens 'n gebrek aan toegang tot voordele vir maatskaplike noodleniging.	<input checked="" type="checkbox"/> Alle belanghebbendes se verhoudinge word in ooreenstemming met die goedgekeurde raamwerk vir die bestuur van belanghebbendes hanteer. <input checked="" type="checkbox"/> Memorandums van verstandhouding en diensvlakooreenkomste is met relevante belanghebbendes aangegaan om die gehalte van verhoudinge en die bereiking van die betrokke departementele doelwitte te verseker. <input checked="" type="checkbox"/> Identifisering en mobilisering van die nieregeringsnetwerk-van-sorg ter ondersteuning van die agenda vir humanitaire noodleniging.
Die jeug maak positiewe, gesonde lewenskeuses wat hulle welstand bevorder.	Sekuriteitsoortredings by die bergingsfasiliteit.	<input checked="" type="checkbox"/> Sekuriteitspersoneel word by alle toegangspunte in die bergingsfasiliteit ontplooи. <input checked="" type="checkbox"/> Bevestiging van die goedgekeurde getal houers wat van die verskaffer ontvang is en deur die koerierdiens versend is. <input checked="" type="checkbox"/> Voorraadvlakte word nagegaan en bevestig teen houers met sanitêre pakkies wat ontvang en versend word.

5.3 Program 3: Kinders en Gesinne

Doeleind van die program

Verskaf omvattende kinder- en gesinsorg en steudienste aan gemeenskappe in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike samelewingsorganisasies.

Subprogram 3.1: Bestuur en Ondersteuning

Doeleind van subprogram

Maak voorseeing vir die betaling van salaris en administrasiekoste van die bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme van hierdie program lewer.

Subprogram 3.2: Sorg en Dienste vir Gesinne

Doeleind van subprogram

Programme en dienste om funksionele gesinne te bevorder en om kwesbaarheid in gesinne te verhoed.

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2018/19	2019/20	2020/21		2021/22	2022/23	2023/24
Kinders en persone is veilig en woon in beskernde gesinsomgewings.	Gesinsherenigingsdienste is beskikbaar vir geaffekteerde gesinne.	3.2.1.1 Getal gesinslede wat met hul gesinne herenig word ²⁰ .	705	598	514	700	550	550	550
	Gesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes is beskikbaar vir volwassenes wat dit benodig.	3.2.1.2 Getal gesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes.	1 499	1 499	2 031	2 500	2 500	2 500	2 500
	Gesinsbehoud- en ondersteuningsdienste is beskikbaar aan geaffekteerde gesinne.	3.2.1.3 Getal gesinne wat aan gesinsbehoud- en ondersteuningsdienste deelneem.	21 904	21 034	14 471	20 160	18 000	18 500	18 550

Uitsetaanwysers: jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.2.1.1 Getal gesinslede wat met hul gesinne herenig word.	550	137	137	137	139
3.2.1.2 Getal gesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes.	2 500	-	-	-	2 500
3.2.1.3 Getal gesinne wat aan gesinsbehoud- en ondersteuningsdienste deelneem.	18 000	4 330	4 520	4 520	4 630

Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk

Die gesin is die basiese eenheid van sorg wat 'n gesikte omgewing vir die fisiese, emosionele en sosiale ontwikkeling van al sy lede moet bied. As lede van gesinne, moet kinders in die besonder die

²⁰ Hierdie aanwyser tel die getal volwassenes in DMO-befondsde skuilings vir haweloses wat met hul gesinne herenig is.

reg op ouerlike en gesinsorg en -beskerming geniet, benewens veilige omgewings en fisiese, emosionele en sosiale welstand. Veerkragtige gesinne verbeter die lewenskanse van die individuele gesinslede. Dienste aan gesinne is en moet veranker wees in die benadering tot gesinsversterking – 'n raamwerk wat die gesin erken as die mees fundamentele faktor wat die lewe en uitkomste van kinders beïnvloed; en dat gesinne veerkragtig is wanneer hulle deur veilige en florerende gemeenskappe ondersteun word. Hierdie perspektief stem direk ooreen met prioriteit 4: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer" van die hersiene MTSR 2019-2024.

Sterk gesinne verbeter die lewenskanse van individuele gesinslede, wat ooreenstem met VIP 3: "Bemagtiging van mense" en fokusarea 1: "Kinders en gesinne" en die Wes-Kaapse Herstelplan se tema 'Welstand'. Die departement sal die lewering van noodsaaklike dienste aan gesinne in gevaar verseker – dienste rakende gesinsherening en -behoud; noodsaaklike VVI-programme; terapeutiese programme en bemiddelingsdienste. Addisionele intervensies sluit die geïntegreerde Risiha-program (voorheen Isibindi) in wat ondersteuning aan die bestaande netwerk van maatreëls vir kinderbeskerming verder sal versterk en sodoende die impak van dienslewering verbeter.

Hierdie program sal daarop fokus om voorsiening te maak vir noodsaaklike gemeenskapsgebaseerde VVI-dienste. Dié dienste behels onder meer daagliks praktiese en terapeutiese dienste (basiese veiligheid- en lewensvaardighedsprogramme) aan kinders en hul gesinne deur middel van die Risiha-model. Verder sal inloopsentrums basiese dienste lewer deur die bevordering van dienste ten opsigte van gesinsbehoud en -hereniging wat daarop gemik is om in die emosionele, fisiese en maatskaplike ontwikkelingsbehoeftes van kwesbare kinders te voorsien. Die program sal verder fokus op die aanwysing van VVI-organisasies en die registrasie van VVI-programme en sal dienste ten opsigte van herintegrasie versterk. Gegewe die bedreiging wat COVID-19 vir die welstand van kinders en hul gesinne inhou, sal dienste steeds gelewer word op 'n wyse wat voldoen aan COVID-19-protokolle en -regulasies om die veiligheid van kliënte en personeel te verseker.

Subprogram 3.3: Kindersorg en -beskerming

Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en dienste wat voorsiening maak vir kinders se ontwikkeling, versorging en die beskerming van hulle regte.

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2018/19	2019/20	2020/21		2021/22	2022/23	2023/24
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Pleegsorg-plasingsdienste is beskikbaar vir kinders wat sorg en beskerming benodig.	3.3.1.1 Getal kinders in pleegsorg geplaas.	3 514	3 478	2 892	3 206	2 936	3 106	3 106
	Herenigingsdienste is beskikbaar vir geaffekteerde kinders, hul gesinne en diegene wat alternatiewe sorg bied.	3.3.1.2 Getal kinders wat met hulle gesinne of alternatiewe versorgers herenig word.	308	352	238	340	297	301	306
	Onderrig- en opleidingsprogramme vir ouers is beskikbaar vir geaffekteerde ouers en versorgers.	3.3.1.3 Getal ouers en versorgers wat onderrig- en opleidingsprogramme vir ouers voltooи het.	3 891	3 251	1 972	3 230	3 110	3 110	3 110

Uitsetaanwysers: jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.3.1.1 Getal kinders in pleegsorg geplaas.	2 936	618	787	796	735
3.3.1.2 Getal kinders wat met hulle gesinne of alternatiewe versorgers herenig word.	297	63	76	79	79
3.3.1.3 Getal ouers en versorgers wat onderrig- en opleidingsprogramme vir ouers voltooi het.	3 110	752	816	771	771

Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermynthydperk

Die kern-wetgewende mandate van die departement berus by hierdie program. 'n Sleutelfokus is dus die volle implementering van die basiese vereistes van die Kinderwet, die doeltreffende monitering van alle statutêre dienste, en om te verseker dat die regte van kinders bevorder en beskerm word. Dit is direk belyn met die hersiene MTSR 2019-2024 prioriteit 4: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer". Dit belyn ook met VIP 1: "Veilige en saamhorige gemeenskappe", fokusarea 2: "Versterkte verwysingsroetes vir jeugdiges in gevaar en kind- en gesin-gesentreerde inisiatiewe om geweld te verminder", fokusarea 3: "Toenemende maatskaplike saamhorigheid en veiligheid van openbare ruimtes" en VIP 3: "Bemagtiging van mense", fokusarea 1: "Kinders en gesinne" en fokusarea 2: "Onderwys en leer". Veerkragtige gesinne, kinders wat goed versorg word en ouers, versorgers en/of voogde wat doeltreffende toegang tot ondersteuningsdienste het, is die grondslag van 'n bemagtigde nasie en dra daardeur by tot die Welstand-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan.

Hierdie program sal voortgaan om opleiding aan maatskapliedienspraktisyne te verskaf oor aangeleenthede wat verband hou met die implementering van die Kinderwet en sal op die provinsiale en streekspanele vir die oorsig van kindersterfes dien, in samewerking met betrokke belanghebbendes in die DvG, tersiêre onderwysinstellings, die SAPD en die Departement van Justisie.

Ingevolge die Kinderwet sal vroeë intervensie en voorkomende dienste, wat ouerlike verantwoordelikhede en regte insluit, asook openbare opvoeding (met die fokus op burgerlike verantwoordelikhed en die verpligting om kindermishandeling aan te meld om onder meer die verwaarloosing en uitbuiting van kinders te voorkom), geprioritiseer word. Vroeë intervensiedienste sluit programme in wat vir kinders in gevaar ontwerp is, soos adolessente-ontwikkelingsprogramme, anti-afknouery-/geen-afknouery-programme, trauma- en ontvallingsberading en die tydelike veilige sorg van kinders in gevaar. Die departement sal gedurende die 2022/23-boekjaar voortgaan met die implementering van die Pleegsorgbestuursplan en die instelling van die pleegsorgmoniteringstelsel, en sal die Provinciale Strategie vir Kinderbeskerming hersien. Oorgangsorg- en ondersteuningsprogramme sal geïmplementeer word vir kinders wat alternatiewe sorg verlaat, asook hereniging- en nasorgdienste. Norme en standarde (ter nakoming van die Kinderwet) sal deur prestasie-monitering binne die OSW-sektor geïmplementeer word. Daar word beoog om die verwysingstelsel tussen alle vlakke van kinderbeskermingsdienste (wat bydra tot die proses kragtens die Derde Kinderwysigingswetsontwerp) versterk sal word. Verder, om die omkeertyd vir pleegsorgplasings en -verlenging te verkort, sal die departement artikel 125 van die Kinderwet (2005) implementeer. Daarbenewens sal dienste steeds in ooreenstemming met COVID-19-protokolle gelewer word om te verseker dat dienslewering en alternatiewe maniere van dienslewering ondersoek word (soos die telefoniese verskaffing van psigososiale ondersteuningsdienste).

Subprogram 3.4: VKO en Gedeeltelike Sorg

Doele van subprogram

Lewer omvattende vroeëkindontwikkelingsdienste.

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk			
			2018/19	2019/20	2020/21		2021/22	2022/23	2023/24	2024/25
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	NSS-fasiliteit is geregistreer.	3.4.1.1 Getal geregistreerde naskoolsorg-fasiliteit (NSS-fasiliteit)	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	Nuwe Aanwyser (basislyn: 100)	100	100	100	

Uitsetaanwysers: jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.4.1.1 Getal geregistreerde naskoolsorgfasilitete (NSS-fasiliteit).	100	-	-	-	100

Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermynthydperk

Die programme en dienste wat by die NSS-sentrus aangebied word, is noodsaaklik vir die bevordering van positiewe jeug-, gesins- en gemeenskapsontwikkeling. Hierdie programme en dienste behels onder meer akademiese ondersteuning, mentorskap, voedings- en buitemuurse aktiwiteite om die maatskaplike, emosionele, fisiese, kognitiewe en akademiese ontwikkeling van kinders en jeugdiges in 'n veilige en beskermende omgewing onder toesig te ondersteun.

Alle dienste wat deur die program gelewer word, sal verseker dat die COVID-19-gesondheid- en veiligheidsriglyne streng nagekom word, en sal ondersteuning bied vir verbeterings aan higiëne-toestande by NSS-fasiliteit om kinders en NSS-praktisyne sodoende te beskerm.

Subprogram 3.5: Kinder- en Jeugsorgsentrus

Doele van subprogram

Verskaf alternatiewe sorg en ondersteuning vir kwesbare kinders.

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk			
			2018/19	2019/20	2020/21		2021/22	2022/23	2023/24	2024/25
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Residensiële-sorgdienste is beskikbaar vir kinders wat alternatiewe sorg benodig.	3.5.1.1 Getal kinders in residensiële sorg in befondsde OSW KJSS'e kragtens die Kinderwet.	2 811	2 787	2 498	2 880	2 880	2 880	2 880	
		3.5.1.2 Getal kinders in eie KJSS'e kragtens die Kinderwet.	527	690	620	500	500	500	500	

Uitsetaanwysers: jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.5.1.1 Getal kinders in residensiële sorg in befondsde OSW KJSS'e kragtens die Kinderwet.	2 880	2 112	256	256	256
3.5.1.2 Getal kinders in eie KJSS'e kragtens die Kinderwet.	500	305	65	65	65

Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermynthydperk

Ter nakoming van norme en standaarde vir KJSS'e, is hierdie program belyn met prioriteit 4: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer". Die program is ook belyn met VIP 1: "Veilige en saamhorige gemeenskappe", fokusarea 3: "Toenemende maatskaplike saamhorigheid en veiligheid van openbare ruimtes" asook met VIP 3: "Bemagtiging van mense" en fokusarea 2: "Onderwys en leer".

Die departement voorsien 'n ondersteunende en veilige omgewing vir kinders wat in residensiële fasilitete is en derhalwe sorg en beskerming nodig het. Dit vind plaas deur middel van 'n multiprogram- en spesialisdiensmodel (soos omskryf in artikel 191 van die Kinderwet) wat intervensies vir ontwikkeling, terapie en ontspanning behels om die herintegrasie van die kind in haar/sy gemeenskap moontlik maak. Hierdie programme en dienste word deur departementele KJSS'e aangebied deur middel van strategiese gesentraliseerde ondersteuning, evaluering, opleiding en prosesse vir gehalteemonitering om nakoming van norme en standaarde en die registrasie en hernuwing van registrasie van die KJSS'e te verseker. Verder is COVID-19-gesondheids- en veiligheidsprotokolle soos basiese maatreëls vir die voorkoming en beheer van infeksie, fisiese distansiëring, nakoming van vereistes vir persoonlike beskermende toerusting en daaglikse toetsing van personeellede en inwoners by alle fasilitete geïmplementeer om die risiko van infeksie te verminder.

Daarbenewens is doeltreffende gesentraliseerde plasingsbestuur van alle kinders in residensiële alternatiewe sorg en hul beweging ingestel en dit word gehandhaaf om toegang tot die korrekte program te verseker, ingevolge bepalings van die Kinderwet volgens die aanwysing van KJSS'e, om aansoeke vir kinders om na 'n hoër vlak van sorg te beweeg, te keur, en om te verseker dat kinders in die minste beperkende en mees bemagtigende vlak van sorg geplaas word.

Subprogram 3.6: Gemeenskapsgebaseerde Versorgingsdienste vir Kinders

Doel van subprogram

Verskaf beskerming, sorg en ondersteuning vir kwesbare kinders in gemeenskappe.

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk			
			2018/19	2019/20	2020/21		2021/22	2022/23	2023/24	2024/25
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Opgeleide kinder- en jeugsorg-werkers.	3.6.1.1 Getal kinder- en jeugsorg-werkers opgelei. ²¹	21	20	8	10	10	10	10	10

Uitsetaanwysers: jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.6.1.1 Getal kinder- en jeugsorg-werkers opgelei.	10	-	-	-	10

²¹ In 2018/19 is die gemeenskapsgebaseerde sorgdienste vir kinders geïntegreer by ander dienste wat verskaf word deur Program 3: Kinders en Gesinne.

Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermynydperk

Opgeleide kinder- en jeugsorgwerkers is noodsaaklik vir die implementering van gemeenskapsgebaseerde VVI-programme, gesinsbevordering, terapeutiese programme, herintegrasiel- en bemiddelingsdienste en dienste vir gesinsbehoud. Hierdie program sal die voorsiening van 'n voldoende getal en verspreiding van professionele persone verseker, wat van kardinale belang vir doeltreffende gemeenskapsgebaseerde kindersorg- en beskermingsdienste is. Programintervensies is belyn met prioriteit 4: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer" wat op sy beurt belyn is met WKR VIP 3: "Bemagtiging van mense" en die uitkoms: "Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings".

Bewerwens die opleiding van kinder- en jeugsorgwerkers, sal daar gefokus word op die bekendstelling en versterking van 'n geïntegreerde gemeenskapsgebaseerde VVI-model (bestaande uit inloopsentrum, die Rishiha-model, Oog-op-die-Kind, NSS, herintegrasiel-dienste en 'n kernpakket van dienste). Dit sal 'n verwysingsroete insluit vir VVI-programme wat inlyn is met die verwysingsroete vir kinderbeskerming, die lewering van dienste om in die behoeftes van kwesbare kinders te voorsien en uitreikprogramme wat ontwikkelingsgerigte sorg en ondersteuning bied aan kwesbare kinders en gesinne om seker te maak dat kinders op skool bly.

5.3.1 Program se hulpbronoorwegings

Die verhoging van R9.99 miljoen in die hersiene skatting van R438.361 miljoen in 2021/22 na R448.346 miljoen in 2022/23 is weens addisionele befondsing wat vir Maatskaplike Ontwikkeling se welsyn-OSW's en skuilings vir haweloses ontvang is. Die begrotingstoekenning verlaag daarna na R448.309 miljoen in 2023/24 en verhoog dan na R471.134 miljoen in 2024/25.

Let wel: Subprogram 3.4: Die VKO-funksie verskuif met ingang van 1 April 2022 na die WKOD. Die historiese finansiële inligting om vergelykende redes is ook weggelaat.

Opsomming van betalings en skattings – Program 3: Kinders en Gesinne

Subprogram R'000	Uitkom			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermynskatting				% verande- ring in hersiene skatting
	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20	Geoudit 2020/21				2021/22	2021/22	2021/22	2021/22	
3.1 Bestuur en Ondersteuning	2 277	2 434	2 657	2 983	4 920	4 920	5 125	5 226	5 253	4.17	
3.2 Sorg en Dienste vir Gesinne	47 074	49 779	55 684	65 704	110 920	110 920	105 608	100 212	103 838	(4.79)	
3.3 Kindersorg en -beskerming	206 753	228 864	235 220	241 866	198 569	198 479	210 571	215 829	232 060	6.09	
3.4 VKO en Gedeeltelike Sorg	12 368	15 248	16 147	15 384	15 384	15 384	15 384	15 384	15 384		
3.5 Kinder- en Jeugsorgsentrum	100 003	105 893	108 657	108 658	108 658	108 658	111 658	111 658	114 599	2.76	
3.6 Gemeenskapsgebaseerde Sorgdienste vir Kinders											
Totale betalings en skattings	368 475	402 218	418 365	434 595	438 451	438 361	448 346	448 309	471 134	2.28	

Opsomming van betalings en skattings per ekonomiese klassifikasie – Program 3: Kinders en Gesinne

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkoms			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermynskatting			% verande- ring in hersiene skatting
	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20	Geoudit 2020/21				2021/22	2021/22	2021/22	
Lopende betalings	15 302	15 806	14 879	15 330	18 344	18 344	19 708	20 063	20 113	7.44
Vergoeding van werknelmers	14 695	14 993	14 745	14 588	17 802	17 802	18 573	18 908	18 908	4.33
Goedere en dienste	607	813	134	742	542	542	1 135	1 155	1 205	109.41
Oordragte en subsidies aan	353 173	386 406	403 232	418 770	419 612	419 522	428 119	427 702	450 453	2.05
Departementele agentskappe en rekeninge										
Instansies sonder winsbejag	346 123	379 228	396 107	410 939	410 939	410 939	418 255	418 481	441 169	1.78
Huishoudings	7 050	7 178	7 125	7 831	8 673	8 583	9 864	9 221	9 284	14.92
Betalings vir kapitaalbates		6	254	495	495	495	519	544	568	4.85
Geboue en ander vaste strukture										
Masjinerie en toerusting		6	254	495	495	495	519	544	568	4.85
Betalings vir finansiële bates										
Totale ekonomiese klassifikasie	368 475	402 218	418 365	434 595	438 451	438 361	448 346	448 309	471 134	2.28

Die departement se planne en begrotings sal voortdurend herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffendste en effektiestefte aanpassing te verseker tussen die gemeenskap se behoeftes en nasionale prioriteit en provinsiale VIP's, soos aangedui onder die subprogramme.

Die volgende beginsels sal die begrotingsbesluite oor die MTUR rig:

- Bespoediging van die implementering van die pleegsorgbestuursplan (die werwing, opleiding en ondersteuning van pleegsorg- en veiligheidsovers) en die ontwikkeling van innoverende maniere om die agterstand in pleegsorg te verminder; en
- Beperkte finansiële hulpbronne.

5.3.2 Sleutelrisiko's en versagting daarvan

Uitkoms	Risiko	Versagting van risiko
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Nienakoming van die statutêre vereistes van die Kinderwet, Wet 38 van 2005. Impak: Moontlike litigasie teen die departement. Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie volgens standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.	<ul style="list-style-type: none"> ● Program implementeer planne volgens die bepalings van Wet. ● Kwartaallikse/tweejaarlikse skakeling met belanghebbendes om begrip en nakoming van norme en standaarde kragtens die Wet te verseker. ● Lynmonitoring van fasiliteite en dienste en programimplementering. ● Implementering van die M&E-lynmonitoring van fasiliteite en dienste en programimplementering wat lessenaarevaluerings en die gebruik van virtuele platforms en in-persoon skakeling insluit. ● Gehalteversekering-SBP om OSW-nakoming te verbeter. ● Versterk die toesighoudende, koördinerende rol van die provinsiale forum vir kinders en gesinne. ● Sakekontinuïteitsplanne in plek.

Uitkom	Risiko	Versagting van risiko
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	<p>Onvermoë om M&E-funksies te verrig as gevolg van die COVID-19-ramp. Regulasies en risiko van personeel wat besmet word.</p> <p>Beperkings op gereelde skakeling (fisies) met belanghebbendes weens risiko van COVID-19-infeksie.</p>	<p>Beperkte fisiese kontak met OSW's:</p> <ul style="list-style-type: none"> ■ Monitering via lessenaarevaluerings. ■ Stawende dokumente geskandeer en per e-pos vir verifiëring gestuur. ■ Toenemende getal fisiese skakelings met belanghebbendes. <p>Virtuele platforms word gebruik:</p> <ul style="list-style-type: none"> ■ Telefoniese skakeling. ■ Skriftelike kommunikasie (e-pos).
	<p>Ongeregistreerde residensiële NSS-fasiliteite.</p> <p>Impak:</p> <p>Moontlike litigasie teen die departement.</p> <p>Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie volgens standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ■ Implementering van gesikte dienslewingsverbeterings, bv. sentralisering van die registrasie van NSS-fasiliteite. ■ Bevorder gemeenskapsgebaseerde intervensies en ondersteun plasings pleks van gestruktureerde fasiliteite.
	<p>Afhanklikheid van intersektorale belanghebbendes tydens die registrasieproses van fasiliteite.</p> <p>Impak:</p> <p>Ongeregistreerde residensiële NSS-fasiliteite.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ■ Geïnstitutionaliseerde vergaderings met belanghebbendes op streek- en provinsiale vlak met plaaslike regering/ munisipaliteite om die registrasieproses te verbeter. Dit sluit die gebruik van virtuele platforms in. ■ Samewerking met die DvG ten opsigte van protokolle wat die veilige lewering van psigososiale ondersteuningsdienste moontlik maak.
	Onvermoë om voort te gaan met die befondsing van sommige van die tans befondsde NSS-fasiliteite weens begrotingsbesnoeiing en die gevoglike onstabiliteit in die sektor.	<ul style="list-style-type: none"> ■ Herprioritisering van departementele begroting.

5.4 Program 4: Herstellende Dienste

Doel van die program

Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte dienste vir die voorkoming van sosiale misdaad en middelgebruiksteuring aan die kwesbaarste persone in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike samelewingsorganisasies.

Subprogram 4.1: Bestuur en Ondersteuning

Doel van subprogram

Maak voorseeing vir die betaling van salarisse en administrasiekoste van die bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme van hierdie program lewer.

Subprogram 4.2: Misdaadvorkoming en Ondersteuning

Doel van subprogram

Ontwikkel en implementeer programme vir die voorkoming van sosiale misdaad en verskaf proefdienste gerig op kinders, die jeug en volwasse oortreders en slagoffers in die strafregtelike proses.

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-hydperk		
			2018/19	2019/20	2020/21		2021/22	2022/23	2023/24
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Afwentelingsprogramme is beskikbaar vir volwassenes wat met die geregtige bote.	4.2.1.1 Getal volwassenes wat met die geregtige bote wat na afwentelingsprogramme verwys is.	11 963	12 976	4 728	9 734	5 787	5 868	5 732
		4.2.1.2 Getal volwassenes wat met die geregtige bote en afwentelingsprogramme voltooi het.	7 681	8 214	3 345	6 234	5 068	5 020	4 911
Kinders en jeugdiges in gevaar word geïdentifiseer en gehelp met psigo-sosiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en problematiese gedrag teëwerk.	Afwentelingsprogramme is beskikbaar vir kinders wat met die geregtige bote. ²²	4.2.1.3 Getal kinders wat met die geregtige bote, geëvalueer.	7 060	6 388	3 992	6 520	3 650	4 210	4 170
		4.2.1.4 Getal kinders wat met die geregtige bote wat na afwentelingsprogramme verwys is.	2 217	1 772	767	1 966	980	1 077	1 037
		4.2.1.5 Getal kinders wat met die geregtige bote en afwentelingsprogramme voltooi het.	1 576	1 220	387	1 340	813	828	801

²² Volgens die 2018/19 Jaarverslag oor die implementering van die Wet op Kindergeregtigheid in 2010, was daar 'n afname in die getal kinders wat deur die SAPD gearresteer en aangekla is, en vandaar die laer teikens vir hofverwysings.

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk			
			2018/19	2019/20	2020/21		2021/22	2022/23	2023/24	2024/25
Kinders en jeug in gevaar word geïdentifiseer en gehelp met psigo-sosiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en problematiese gedrag teëwerk.	Geregistreerde residensiële-sorgfasiliteite wat aan die Wet op Kinder-geregtigheid voldoen, is beskikbaar vir verhoor-afwagende en gevonnisse kinders.	4.2.1.6 Getal kinders wat ingevolge die Wet op Kinder-geregtigheid tot veilige sorg in KJSS'e gevonnis is.	148	162	130	160	110	110	110	
		4.2.1.7 Getal kinders wat met die gereg bots wat verhoor-afwagend in veilige sorg van KJSS'e is ingevolge die Wet op Kinder-geregtigheid.	1 167	1 201	836	1 300	850	850	850	
	Kinders en jeugdiges in gevaar in die 11 hoërisiko-gebiede word van gepaste, gespesialiseerde intervensies voorsien.	4.2.1.8 Getal skole in die polisie en/of die WKR-veiligheidsplan se elf hoërisiko-gebiede waar DMO- en/of DMO-befondse maatskaplike werkers kinders en jeugdiges in gevaar weekliks vir gespesialiseerde intervensies identifiseer, evalueer, verwys en opvolg.	N.V.T.	N.V.T.	3	70	26	26	26	

Uitsetaanwysers: jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
4.2.1.1 Getal volwassenes wat met die gereg bots wat na afwentelingsprogramme verwys is.	5 787	1 400	1 420	1 503	1 464
4.2.1.2 Getal volwassenes wat met die gereg bots en afwentelingsprogramme voltooi het.	5 068	1 241	1 298	1 294	1 235
4.2.1.3 Getal kinders wat met die gereg bots, geëvalueer.	3 650	912	913	938	887
4.2.1.4 Getal kinders wat met die gereg bots wat na afwentelingsprogramme verwys is.	980	239	253	251	237
4.2.1.5 Getal kinders wat met die gereg bots en afwentelingsprogramme voltooi het.	813	194	217	213	189
4.2.1.6 Getal kinders wat ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid tot veilige sorg in KJSS'e gevonnis is.	110	80	10	10	10
4.2.1.7 Getal kinders wat met die gereg bots wat verhoorafwagend in veilige sorg van KJSS'e is ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid.	850	400	150	150	150
4.2.1.8 Getal skole in die polisie en/of die WKR-veiligheidsplan se elf hoërisiko-gebiede waar DMO- en/of DMO-befondse maatskaplike werkers kinders en jeugdiges in gevaar weekliks vir gespesialiseerde intervensies identifiseer, evalueer, verwys en opvolg.	26	5	8	8	5

Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk

Die primêre fokus van hierdie program is op maatskaplike misdaadvorkoming en proefdienste, soos gereguleer deur die Wet op Kindergeregtigheid, die Wysigingswet op Proefdienste en die Regulasies met betrekking tot die Registrasie van 'n Spesialiteit in Proefdienste kragtens die Wet op Suid-Afrikaanse Maatskapliediensteroepe (1978).

Die program is ook in lyn met prioriteit 4 van die hersiene MTSR 2019-2024 wat handel oor die maatskaplike beskerming van kinders, die koppeling daarvan aan VIP 3: "Bemagtiging van mense" met fokusarea 2: "Onderwys en leer" asook fokusarea 4 "Gesondheid en welstand" – identifisering, evaluering en ondersteuning van kinders en jeugdiges in gevaar en; VIP 1: "Veilige en saamhorige gemeenskappe", met fokusarea 2: "Versterkte verwysingsroetes vir jeugdiges in gevaar en kind- en gesin-gesentreerde initiatiewe om geweld te verminder"; fokusarea 3: "Toenemende maatskaplike saamhorigheid en veiligheid van openbare ruimtes" – beleidsprioriteite van verwysingsroetes om die jeug te verskuif van geweld na geleenthede en die vermindering van geweld en bendes, veral binne die konteks van skole, is duidelik. Die fokus van hierdie program word verder ingelig deur die Wes-Kaapse Herstelplan om die regte van kinders, jeugdiges en volwassenes in hoërisikogemeenskappe wat met die gereg bots, te handhaaf, deur prioritising van die veiligheid en welstand van gesinne, asook die Wes-Kaap Veiligheidsplan se veiligheidsprioriteite om "Gesinne in gevaar te ondersteun" en om "Jeugdiges in gevaar te identifiseer, evalueer en ondersteun".

Die fokus van die program is om gepaste intervensies vir gemeenskapsgebaseerde en residensiële maatskaplike misdaadvorkoming- en proefdienste te ontwerp en te implementeer vir die fasilitering van die maatskaplike integrasie, beskerming en ontwikkeling van kinders, jeugdiges en volwassenes wat in gevaar is of met die gereg bots, soos gereguleer deur die Wet op Proefdienste, Wet 116 van 1991, soos gewysig, die Wet op Kindergeregtigheid, Wet 75 van 2008 en die Regulasies met betrekking tot die Registrasie van 'n Spesialiteit in Proefdienste kragtens die Wet op Suid-Afrikaanse Maatskapliedensberoep, 1978. Hierdie dienste sluit in: programme vir voorkoming/vroeë intervensie (versterking, bemagtiging, ondersteuning en die kapasiteitsbou en selfstandigheid van kinders, jeugdiges en volwassenes deur middel van voorligting oor vaardigheidsontwikkeling en terapeutiese ondersteuningsprogramme) aan kinders, jeugdiges en volwassenes in gevaar voordat hulle die strafregstelsel betree, statutêre intervensies wat die verskaffing van alternatiewe sorg, afwentelingsprogramme en ontwikkelingsgerigte evaluering insluit, asook hereniging- en nasorgdienste gemik op doeltreffende hereniging en stabilisering van gesinne en gemeenskappe.

Hierdie dienste sal gelewer word op 'n wyse wat voldoen aan die COVID-19-gesondheid- en veiligheidsprotokolle. Dit behels onder meer die lewering van psigososiale ondersteuningsdienste en maatskaplike misdaadvorkoming-, herintegrasie- en afwentelingsprogramme, asook as die verskaffing van opleiding en skakeling met belanghebbendes via aanlyn platforms. Sodoende kan dienste verantwoordelik gelewer word terwyl alle teikengroepe steeds toegerus word met die middele om 'n positiewe en beskermende skild teen sosiale euwels in hoërisikogemeenskappe te bou.

Subprogram 4.3: Program vir Slagofferbemagtiging

Doele van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en dienste om slagoffers van geweld en misdaad, veral vroue en kinders, te ondersteun, versorg en bemagtig.

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-hyelperk		
			2018/19	2019/20	2020/21		2021/22	2022/23	2023/24
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Psigososiale ondersteuningsdienste is beskikbaar vir slagoffers van misdaad en geweld.	4.3.1.1 Getal slagoffers van geslagsgebaseerde geweld (GGG) wat toegang tot psigososiale ondersteuningsdienste verkry.	20 380	23 672	17 933	18 375	18 525	18 735	18 955

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk			
			2018/19	2019/20	2020/21		2021/22	2022/23	2023/24	2024/25
Kinders en persone is veilig en woon in beskerme gesinomgewings.	Psigososiale ondersteuningsdienste is beskikbaar vir slagoffers van misdaad en geweld.	4.3.1.2 Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang tot ondersteuningsdienste vir slagoffers verkry.	N.V.T.	N.V.T.	588	1 100	600	600	600	
	Maatskaplike dienste is beskikbaar vir slagoffers van mensehandel.	4.3.1.3 Getal slagoffers van mensehandel en hul kinders wat toegang tot maatskaplike dienste verkry.	N.V.T.	N.V.T.	13	22	20	22	25	
	Voorsiening van veilige akkomodasie vir slagoffers van misdaad en geweld.	4.3.1.4 Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang verkry tot dienste in befondsde skuilings van die Program vir Slagofferbemagtiging ²³ .	N.V.T.	N.V.T.	1 963	1 851	1 900	1 950	1 980	

Uitsetaanwysers: jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
4.3.1.1 Getal slagoffers van geslagsgebaseerde geweld (GGG) wat toegang tot psigososiale ondersteuningsdienste verkry.	18 525	4 647	4 635	4 645	4 598
4.3.1.2 Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang tot ondersteuningsdienste vir slagoffers verkry.	600	150	150	150	150
4.3.1.3 Getal slagoffers van mensehandel en hul kinders wat toegang tot maatskaplike dienste verkry.	20	-	-	-	20
4.3.1.4 Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang verkry tot dienste in befondsde skuilings van die Program vir Slagofferbemagtiging.	1 900	580	440	440	440

Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk

Die voorsiening van 'n kernpakket van intervensies vir maatskaplike welsyn, insluitend die minimum noodaaklike psigososiale ondersteuning en norme en standarde vir middelmisbruik, geweld teen vroue en kinders, gesinne en gemeenskappe, en dienste in slagofferbemagtiging is noodaaklik in die stryd teen GGG en is met die NSP oor GGG (2020) belyn. Hierdie dienste is belyn met die hersiene MTSR 2019-2024 prioriteit 4: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer", veral die uitkoms wat handel oor 'n "Hervormde maatskaplikewelsynsektor en -dienste". Die uitsette hierbo gelys en die intervensies hieronder gelys is direk ondersteunend van die WKR VIP 3 direk: "Bemagtiging van mense" en fokusarea 1: "Kinders en gesinne word ontwikkel in koesterende, ondersteunende en veilige omgewings", asook WKR VIP 1: "Veilige en saamhorige gemeenskappe" met die fokusarea 3: "Toenemende maatskaplike saamhorigheid en veiligheid van openbare ruimtes". Hierdie program ondersteun ook intervensies wat vervat is in die Wes-Kaapse Herstelplan onder die temas Veiligheid en Welstand, asook die Wes-Kaapse Veiligheidsplan deur middel van ondersteuningsdienste vir slagoffers van geweld.

GGG het langtermynneffekte op die slagoffer asook diegene wat deur die mishandeling geraak word. Volgens die Nasionale Beleidsriglyn vir Slagofferbemagtiging (2008) en die NSP oor GGGV (2020), lei provinsies saam met die Departement van Vroue, Jeugdiges en Persone met

²³ Herbenoem van "Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang verkry tot skuilingsdienste in befondsde dienssentrum van die Program vir Slagofferbemagtiging.

Gestremdhede die regering se reaksie. Dit behels nie alleen die ontwikkeling, instelling en koördinering van intersektorale mechanismes, intervensies en vennootskappe nie, maar ook die ontwikkeling en aanbieding van regstreekse dienste aan slagoffers.

Die WKR het slagoffers van geweld en misdaad geprioritiseer, veral vroue, kinders en die lesbiese, gay, biseksuele, transgender, queer, interseksuele, aseksuele, panseksuele en ander (LGBTQIA+) gemeenskap, en lewer geïntegreerde programme en ondersteuningsdienste wat onder meer hul regte handhaaf en veilige ruimtes binne gemeenskappe skep. Die fokus van die program is op dielewering van dienste aan volwasse slagoffers van gesinsgeweld, seksuele misdrywe en mensehandel deur te fokus op die verbetering van intersektorale samewerking, die opleiding van die departemente van Justisie, Misdaadvoorkoming en Sekuriteit oor slagoffer-gesentreerde dienste, die implementering van die intersektorale strategie oor slagofferbemagtiging, die versterking van nasorg- en skuilingsdienste vir slagoffers van seksuele aanranding, en, veral van belang, die verbetering van reaksie, sorg en ondersteuning vanaf onmiddellike inperking tot traumaberading oor die langtermyn. Die vraag na hierdie dienste sal na verwagting toeneem as gevolg van die negatiewe sosio-ekonomiese impak van COVID-19, waarvoor vroue en kinders in die besonder kwesbaar is.

Daarbenewens sal die volgende intervensies geïmplementeer word:

- Die befondsing van skuilings, diensorganisasies en die gehalteverbetering van dienste deur ondersteuning ter nakoming van die betrokke norme en standarde vir dienslewering wat die ses onlangs ingestelde GGG-skuilings insluit;
- Die implementering van 'n verbeterde pakket van langtermyn- psigososiale sorgdienste vir slagoffers van seksuele geweld by Thuthuzela-sorgsentrums en geïdentifiseerde forensiese eenhede;
- Fasilitering van die voorsiening van terapeutiese intervensies en programme in vaardigheidsontwikkeling en tweedefase-akkommodasie vir inwoners in skuilings om die ekonomiese bemagtiging van die oorwegend vroulike slagoffers en hul kinders te bewerkstellig;
- Die voorsiening van bewusmaking- en opvoedingsprogramme asook die voorsiening van voorkoming- en rehabilitasie-intervensies vir slagoffers van mensehandel ingevolge die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel (PACOTIP), Wet 7 van 2013;
- Hersiening van die verwysingstelsel vir slagoffers om toegang te verkry tot langtermyn-traumaberading, insluitend die dienste van die bevelsentrum vir geslagsgebaseerde geweld;
- Versekering dat alle intervensies streng ter nakoming van COVID-19-gesondheid- en veiligheidsprotokolle plaasvind. Dit behels onder meer die gebruik van alternatiewe metodes om kliënte en belanghebbendes deur virtuele platforms en aanlyn opleiding te bereik, en deurlopende skakeling met maatskaplike werkers om seker te maak dat gesondheid- en veiligheidsprotokolle gehandhaaf word; en
- Versterkende programme en intervensies gerig op mans om gesonde manlikheid as 'n integrale deel van GGG-intervensies te bevorder.

Subprogram 4.4: Middelmisbruik, Voorkoming en Rehabilitasie

Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde dienste vir middelmisbruik, voorkoming, behandeling en rehabilitasie.

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2018/19	2019/20	2020/21		2021/22	2022/23	2023/24
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Befondsde behandelingsdienste vir binnekasiénte is beskikbaar.	4.4.1.1 Getal diensgebruikers wat binnekasiént-behandelingsdienste voltooi het by befondsde behandelingsentrum van OSW's, die DMO se eie behandelingsentrumme en DMO KJSS'e. ²⁴	1 243	1 300	692	1 241	1 126	1 126	1 126
	Gemeenskapsgebaseerde behandelingsdienste is beskikbaar.	4.4.1.2 Getal diensgebruikers wat toegang tot gemeenskapsgebaseerde behandelingsdienste verkry. ²⁰	3 346	2 961	2 100	3 620	2 500	2 500	2 500
	Vroeë intervensiedienste vir middelmisbruik is beskikbaar.	4.4.1.3 Getal diensgebruikers wat vroeë intervensiedienste vir middelmisbruik ontvang. ²⁵	7 343	6 373	4 320	6 580	4 042	4 092	4 092
	Nasorg- en herintegrasiydienste vir middelmisbruik is beskikbaar.	4.4.1.4 Getal diensgebruikers wat nasorg- en herintegrasiydienste vir middelmisbruik ontvang. ²⁶	2 258	1 821	1 595	2 510	1 282	1 282	1 286

Uitsetaanwysers: jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
4.4.1.1 Getal diensgebruikers wat binnekasiént-behandelingsdienste voltooi het by befondsde behandelingsentrum van OSW's, die DMO se eie behandelingsentrumme en DMO KJSS'e.	1 126	281	281	281	283
4.4.1.2 Getal diensgebruikers wat toegang tot gemeenskapsgebaseerde behandelingsdienste verkry.	2 500	625	625	625	625
4.4.1.3 Getal diensgebruikers wat vroeë intervensiedienste vir middelmisbruik ontvang.	4 042	989	1 017	1 038	998

²⁴ Hierdie aanwysers is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal slagoffers van middelmisbruik wat toegang tot ondersteuningsprogramme verkry".

²⁵ Hierdie aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwyser, "Toename in die getal persone wat toegang tot voorkomingsprogramme verkry".

²⁶ Hierdie aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal slagoffers van middelmisbruik wat toegang tot ondersteuningsprogramme verkry".

Uitselaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
4.4.1.4 Getal diensgebruikers wat nasorg- en herintegrasielidste vir middelmisbruik ontvang.	1 282	319	324	324	315

Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermynydperk

Die departement het kragtens die Wet op die Voorkoming van en Behandeling vir Middelmisbruik, Wet 70 van 2008 'n mandaat om intersektorale strategieë te ontwikkel en te implementeer wat daarop gerig is om die eise en skade wat deur middelmisbruik veroorsaak word, te verminder.

Alle intervensies vir MGS-behandeling word deur die Wet op die Voorkoming van en Behandeling vir Middelmisbruik, Wet 70 van 2008 gereguleer. Dit sluit in voorkomende dienste, vroeë intervensie, gemeenskapsgebaseerde dienste en nasorg- en herintegrasielidste. Hierdie intervensies sal op 'n geïntegreerde en gekoördineerde wyse bestuur word tussen die verskillende staatsdepartemente, gemeenskapsgebaseerde entiteite en befondsde diensverskaffers wat met die voorkoming en behandeling van MGS'e werk. Die departement verseker dat dienste gelewer word op gebiede waar die grootste behoeftes bestaan en dat dienste is op gemeenskapsgebaseerde vlakke en die vlak van binnekapselbehandeling beskikbaar is. Die doel is om individue, gesinne en gemeenskappe in die stryd teen middelmisbruik te versterk. Dit is belyn met prioriteit 4 van die hersiene MTSR 2019-2024 asook die WKR VIP 1: "Veilige en saamhorige gemeenskappe"; fokusarea 3: "Toenemende maatskaplike saamhorigheid en veiligheid van openbare ruimtes" en VIP 3: "Bemagtiging van mense", fokusarea 4: "Gesondheid en welstand". Die vierde uitgawe van die Nasionale Dwelmeesterplan (2019-2024) plaas die departement ook in 'n leidende hoedanigheid ten opsigte van Doelwit 1 van die plan, wat spesifiek handel oor die vermindering van die vraag na middels. Verder word die program se fokus om toegang tot middelmisbruik-verwante dienste aan individue, gesinne en gemeenskappe te verseker, in die temas 'Veiligheid' en 'Welstand' van die Wes-Kaapse Herstelplan weerspieël.

Die implementering van die uitsette sal verseker dat omvattende dienste beskikbaar is, insluitend die voorsiening van verskillende behandelingsopsies wat toeganklikheid tot dienste sal verbeter. Die uitbreiding van die skoolgebaseerde programme bied ook 'n toegangspunt vir die implementering van VVI-programme aan leerders in hoërisikogebiede van die provinsie. Intervensies hang af van waar die individu op die kontinuum van hulle MGS geklassifiseer word.

Die uitsette het ten doel om die volgende te bereik:

- 'n Omvattende reaksie op MGS'e;
- Kwesbare kinders en volwassenes wat toegang het tot MGS-behandeling en rehabilitasielidste van gehalte; en
- 'n Kontinuum van sorg wat fokus op die behoeftes van die kliënt. Dit sluit VVI in om afhanklikheid te bekamp en om diegene in nood te behandel – dit kan op óf gemeenskapsgebaseerde óf binnekapselvlak wees. Daarbenewens is nasordienste beskikbaar om doeltreffende herintegrasielidste in die samelewing te verseker.

Die departement sal voortgaan om te fokus op die registrasie van behandelingsfasilitete en terapeutiese intervensies om nakoming van minimum norme en standaarde te verseker, soos voorgeskryf in die Wet op die Voorkoming van en Behandeling vir Middelmisbruik. Hierdie intervensies sal ook verseker dat gesondheidsverwante standaarde en die riglyne wat in die COVID-19-regulasies uiteengesit word, deur geregistreerde behandelingsentrenums vir binnekapselweege kom word. Die doel is ook om die kapasiteit van DMO eie dienste op die spesialisgebied van MGS-behandeling en gemeenskapsgebaseerde response uit te brei om die beskikbaarheid en toeganklikheid van voorkomingsprogramme en behandeling van gehalte op 'n gemeenskapsgebaseerde vlak te verseker.

Verder sal die departement oor die 2022 MTUR-tydperk MGS-opleiding uitbrei na maatskaplike werkers en maatskaplike hulpwerkers by skuilings vir GGG-slagoffers en haweloses, en die implementering van MGS-behandelingsdienste by hierdie skuilings sal gemonitor word. Die departement sal ook voortgaan om met die sektor te skakel om kapasiteit te versterk en prestasie te monitor met die doel om beter gehalte en die handhawing van gesondheid- en veiligheidsnorme en -standaarde van alle behandelingsentrenums te verseker.

Om te verseker dat kinders en gesinne veilig is en in beskermende gesinsomstandighede woon, moet die departement sorg dat toeganklike programme van gehalte wat handel oor 'n omvattende kontinuum van sorg oor die trajek van MGS'e binne gemeenskappe beskikbaar is en dat sulke programme voortdurend uitgebrei word na areas waar daar 'n groot behoefte bestaan.

5.4.1 Program se hulpbronoorwegings

Die verhoging van R10.291 miljoen in die hersiene skatting van R458.488 miljoen in 2021/22 na R468.779 miljoen in 2022/23 is weens addisionele befondsing wat vir Maatskaplike Ontwikkeling se welsyn-OSW's ontvang is. Die begrotingstoekenning verhoog dus na R474.019 miljoen in 2023/24 en na R485.319 miljoen in 2024/25.

Opsomming van betalings en skattings – Program 4: Herstellende Dienste

Subprogram R'000	Uitkoms			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermynskatting			% verandering in hersiene skatting
	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20	Geoudit 2020/21	2021/22	2021/22	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2021/22
4.1 Bestuur en Ondersteuning	3 769	3 949	3 578	4 311	5 409	5 409	5 631	5 740	5 750	4.10
4.2 Misdaadvorming en Ondersteuning	238 437	262 679	272 222	274 278	280 858	280 858	292 523	299 667	303 773	4.15
4.3 Slagofferbemagtiging	45 057	50 472	63 860	65 812	66 269	66 269	67 608	63 906	66 661	2.02
4.4 Middelmisbruik, Voorkoming en Rehabilitasie	100 651	102 987	100 757	113 095	105 952	105 952	103 017	105 156	109 135	(2.77)
Totale betalings en skattings	387 914	420 087	440 417	457 496	458 488	458 488	468 779	474 469	485 319	2.24

Opsomming van betalings en skattings per ekonomiese klassifikasie – Program 4: Herstellende Dienste

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkoms			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermynskatting			% verande -ring in hersiene skatting
	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20	Geoudit 2020/21	2021/22	2021/22	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2021/22
Lopende betalings	267 177	291 212	298 288	311 337	308 494	307 943	328 500	337 203	341 086	6.68
Vergoeding van werknemers	161 830	192 763	224 513	234 332	232 028	231 477	246 228	250 659	250 659	6.37
Goedere en dienste	105 347	98 449	73 775	77 005	76 466	76 466	82 272	86 544	90 427	7.59
Oordragte en subsidies aan	117 215	124 118	136 307	139 574	143 687	144 238	132 360	128 749	135 933	(8.24)
Departementele agentskappe en rekeninge	8	12	14	20	19	28	22	24	25	(21.43)
Instansies sonder winsbejag	116 744	123 329	135 238	138 788	141 492	141 492	131 545	128 355	135 051	(7.03)
Huishoudings	463	777	1 055	766	2 176	2 718	793	820	857	(70.82)
Betalings vir kapitaalbates	3 522	4 757	5 822	6 585	6 307	6 307	7 919	8 067	8 300	25.56
Geboue en ander vaste strukture			57			65				(100.00)
Masjinerie en toerusting	3 522	4 757	5 765	6 585	6 307	6 242	7 919	8 067	8 300	3 522
Betalings vir finansiële bates										
Totale ekonomiese klassifikasie	387 914	420 087	440 417	457 496	458 488	458 488	468 779	474 469	485 319	2.24

Die departement se planne en begrotings sal voortdurend herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffendste en effektiefste aanpassing te verseker tussen die gemeenskap se behoeftes en nasionale prioriteit en provinsiale VIP's, soos aangedui onder die subprogramme.

Die volgende beginsels sal die begrotingsbesluite oor die MTUR rig:

- Fokus op departementele prioriteit;
- Handhaaf die basislyn van oordragbetalings in 2021/22 en die herprioritisering van projek- en programbefondsing;
- Handhaaf bedrywighede by die addisionele ses GGG-skuilings vir mishandelde vroue (SBP);
- Verhoog subsidie vir bedruimte in skuilings vir mishandelde vroue (SBP);
- Addisionele infrastruktuur (slaapsaal) in Clanwilliam, die instandhouding en bedryf daarvan – afhandeling van haakplekke;
- Vulling van prioriteitsposte by beveiligde sorgfasiliteite; en
- Beperkte finansiële hulpbronne.

5.4.2 Sleutelrisiko's en versagting daarvan

Uitkoms	Risiko	Versagting van risiko
Kinders en persone is veilig en woon in beskernde gesinsomgewings.	<p>Nienakoming van statutêre vereistes ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid, Wet 75 van 2008 en die Wysigingswet op Proefdienste, Wet 35 van 2002, die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel, Wet 7 van 2013, en die Wet op Voorkoming van en Behandeling vir Middelmisbruik, Wet 70 van 2008 met betrekking tot die verpligting om behandelingsopsies te registreer.</p> <p>Impak: Moontlike litigasie teen die departement. Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ■ Program implementeer planne volgens die bepalings van die Wet. ■ Kwartaallike/tweejaarlike skakeling met belanghebbendes om begrip en nacking van norme en standarde kragtens die Wet te verseker. ■ Lynmonitoring van program-implementering. ■ Implementering van die M&E en gehalteverzekering-SBP om OSW-nacking te verbeter. ■ Implementering van deurlopende nackingmonitering by geregistreerde behandelingsentrum vir binnekasié in die provinsie. ■ Sentrale toelatingsproses vir plasing van alle kinders in gevaar. ■ Bevorder gemeenskapsgebaseerde intervensies en ondersteun plasings pleks van gestruktureerde fasilitate. ■ Versterk vroeë intervensie en voorkomingsdienste. ■ 'n Interregeringsbenadering om ongeregistreerde behandelingsopsies te ondersoek.
	<p>Onvermoë om M&E-funksies te lewer as gevolg van COVID-19-rampregulasies en die risiko dat personeel besmet word.</p> <p>Beperkings op gereeld skakeling (fisiës) met belanghebbendes weens risiko van COVID-19-infeksie.</p>	<p>Beperkte fisiese kontak met OSW's:</p> <ul style="list-style-type: none"> ■ Monitering via lessenaarevaluering. ■ Stawende dokumente geskandeer en per e-pos vir verifiëring gestuur. <p>Virtuele platforms word gebruik:</p> <ul style="list-style-type: none"> ■ Telefoniese skakeling. ■ Skriftelike kommunikasie (e-pos). ■ Microsoft Teams- en Zoom-sessies.
	Verspreiding van COVID-19-infeksie.	<ul style="list-style-type: none"> ■ Skuiling moet aan COVID-19-protokolle voldoen. ■ Lewer voorspraak dat die personeel en begunstigdes van skuiling en diensorganisasies ingeënt word. ■ Versterk nacking van die gesondheid- en veiligheidsprotokolle,

Uitkom	Risiko	Versagting van risiko
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Verspreiding van COVID-19-infeksie.	<ul style="list-style-type: none"> asook protokolle in verband met die werkplek. Skuilings en diensorganisasies moet aan COVID-19-protokolle voldoen. Stadium 1-skuilings word vir 14 dae gebruik voordat slagoffers na stadium 2-skuilings vir die lang termyn oorgeplaas word. Behandelingsentrums vir binnekasiénte en gemeenskapsgebaseerde organisasies moet aan COVID-19-protokolle voldoen. Die M&E-instrumente moet die monitering van OSW-nakoming van COVID-19-protokolle insluit. Behandelingsentrums vir binnekasiénte moet sorg dat kwarantyn- en isoleringsterreine op die perseel beskikbaar is. Voer COVID-19 inspeksies by behandelingsentrums vir binnekasiénte uit. Verseker 'n meganisme vir verslagdoening aan die departement sodat daar data oor COVID-19-uitbrake in behandelingsentrums beskikbaar is.
	Beperkings op gereelde skakeling met belanghebbendes weens risiko van COVID-19-infeksie.	<ul style="list-style-type: none"> Skakel deur middel van virtuele platforms. Skakeling met belanghebbendes deur virtuele medium. Voortdurende skakeling (kommunikasie per telefoon/e-pos) met befondsde diensverskaffers.
	Bereiking van teiken rakende befondsde organisasies weens COVID-19-beperkings.	<ul style="list-style-type: none"> Implementering van 'n instrument vir nasporing van teikens en verskaffing van hersiene kwartaallikse teikens aan befondsde organisasies. Voortdurende skakeling met befondsde organisasies om innovasies te bespreek ten einde ooreengekome teikens te bereik. Hou befondsde organisasies op hoogte en ingelig van regulasies ten opsigte van die verskillende vlakke van inperking en om sekerheid oor beperkings te gee.
Kinders en jeugdiges in gevaar word geïdentifiseer en gehelp met psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en problematiese gedrag teëwerk.	<p>Nienakoming van statutêre vereistes kragtens die Wet op Kindergeregtigheid en die Wysigingswet op Proefdienste, Wet 35 van 2002.</p> <p>Impak:</p> <p>Moontlike litigasie teen die departement.</p> <p>Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie</p>	<ul style="list-style-type: none"> Program implementeer planne volgens die bepalings van Wet. Kwartaallikse/tweejaarlikse skakeling met belanghebbendes om begrip en nakoming van norme en standaarde kragtens die Wet te verseker. Lynmonitoring van program-implementering, wat lessenaar-evaluering en die gebruik van virtuele platforms insluit. Implementering van gepaste diensleweringverbeterings, bv.

Uitkoms	Risiko	Versagting van risiko
Kinders en jeugdiges in gevaar word geïdentifiseer en gehelp met psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en problematiese gedrag teëwerk.	volgens standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.	<p>centralisering van toelatings tot kinder- en jeugsorgfasiliteite.</p> <ul style="list-style-type: none"> <input checked="" type="radio"/> Verskaffing van leiding en ondersteuning aan befondsde organisasies en OSW-hulptoombank vir die ontwikkeling en implementering van protokolle en voorsorgmaatreëls ten opsigte van oordraagbare siektes by diensterreine en -sentrus.
	Beperkings op gereelde skakeling met belanghebbendes weens risiko van COVID-19-infeksie en belanghebbendes wat op 'n afstand werk.	<ul style="list-style-type: none"> <input checked="" type="radio"/> Skakel deur middel van virtuele platforms.

5.5 Program 5: Ontwikkeling en Navorsing

Doel van die program

Verskaf volhoubare ontwikkelingsprogramme wat bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer, gegronde op empiriese navorsing en demografiese inligting.

Subprogram 5.1: Bestuur en Ondersteuning

Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die betaling van salarisse en administrasiekoste van die bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme van hierdie program lewer.

Subprogram 5.2: Gemeenskapsmobilisering

Doel van subprogram

Bou veilige en volhoubare gemeenskappe deur sterk gemeenskapsnetwerke te bou op grond van die beginsels van vertroue en respek vir plaaslike diversiteit en deur 'n gevoel van samehorigheid en vertroue in plaaslike mense te koester.

Hierdie intervensies word transversaal binne die subprogramme bestuur.

Subprogram 5.3: Institusionele Kapasiteitsbou (IKB) en Ondersteuning vir OSW's

Doel van subprogram

Om OSW-registrasie en monitering van nakoming te ondersteun, skakeling en kommunikasie met OSW-belanghebbendes te bevorder, institusionele kapasiteitsbou te voorsien, OSW-befondsing en -monitering te bestuur en 'n omgewing te skep wat bevorderlik is vir alle OSW's om te floreer.

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk			
			2018/19	2019/20	2020/21		2021/22	2022/23	2023/24	2024/25
Verbeterde korporatiewe oorsigbestuur en dienslewering.	OSW's is gekapasiteer.	5.3.1.1 Getal OSW's gekapasiteer. ²⁷	488	848	330	710	393	518	518	
	OSW's word met registrasie bygestaan.	5.3.1.2 Getal OSW's met registrasie bygestaan. ²¹	1 229	1 552	701	798	798	798	798	
	Opleiding in ondersteuning vir oorsigbestuur is beskikbaar vir OSW's.	5.3.1.3 Getal OSW's wat in voor- en na-evaluatings aangedui het dat hul kennis verbeter het nadat hulle oorsigbestuur-ondersteunende opleiding ontvang het.	12	12	12	12	12	12	12	
	'n Mentorskapsprogram is beskikbaar vir OSW's.	5.3.1.4 Getal OSW's in gevaar wat 'n mentorskapsprogram deurloop het wie se kennis, stelsels en vermoëns verbeter het.	12	12	0	12	12	12	12	

²⁷ Hierdie aanwysers is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal GDO's gekapasiteer".

Uitsetaanwysers: jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.3.1.1 Getal OSW's gekapasiteer.	393	98	101	100	94
5.3.1.2 Getal OSW's met registrasie bygestaan.	798	200	200	200	198
5.3.1.3 Getal OSW's wat in voor- en na-evaluatings aangedui het dat hul kennis verbeter het nadat hulle oorsigbestuur-ondersteunende opleiding ontvang het.	12	-	-	-	12
5.3.1.4 Getal OSW's in gevaar wat 'n mentorskapprogram deurloop het wie se kennis, stelsels en vermoëns verbeter het.	12	-	-	-	12

Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermynthydperk

Hierdie subprogram sal bydra tot verbeterde organisatoriese funksionering en praktyk van goeie oorsigbestuur deur OSW's te help om vennootskapsdienste doeltreffend te implementeer. Dit sal ook aanvullend wees tot departementele pogings om die OSW-sektor te versterk deur praktyke van oorsigbestuur en dienslewering te verbeter. Die WKR se VIP'e beklemtoon die feit dat mense bemagtig word deur vennootskappe rondom veiligheid te bou om samewerking en intelligensie-gedrewe koördinering te verbeter. Die doel van die subprogram is direk belyn met die uitkoms: "Verenigde, demokratiese, deelnemende, niesekistiese,nierassige, gelyke samelewing", en WKR VIP 5: "Innovasie en kultuur", fokusarea 1: "Burger-sentriese kultuur".

Die sleutelfokusareas van hierdie program is om OSW's behulpsaam te wees met registrasie en nakoming deur die DMO se OSW-hulptoombank, OSW-orsigbestuur en -funksionaliteit (opleiding); onderrigondersteuning (mentorskap); en bystand aan befondsde organisasies in gevaar (om hulle stelsels, oorsigbestuur en vermoëns te verbeter). Die vestiging van 'n OSW-hulptoombank en netwerke vir ondersteuning op plaaslikevlak sal aandag skenk aan die hoëvlak van nienakoming in die OSW-sektor en sal OSW's se volhoubaarheid in landelike gebiede verseker deur daardie gebiede vir opleidingsintervensies te teiken.

Ten spyte van die uitdagings wat deur COVID-19 veroorsaak is, sal die program voortgaan om OSW's via aanlyn platforms en telefonies te help, asook by die inlolopsentrum. Dienste by die inloopsentrum word gelewer volgens streng gesondheid- en veiligheidsprotokolle om die veiligheid van personeel en kliënte te verseker.

Subprogram 5.4: Armoedevertigting en Volhoubare Bestaan

Doel van subprogram

Bestuur die programme Maatskaplike Fasilitering en Armoedevertigting en Volhoubare Bestaan (UOWP ingesluit).

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken						
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25
Kwesbare persone het voedings-ondersteuning en werkgeleenthede.	Kwesbare persone ontvang daaglike maaltye.	5.4.1.1 Getal kwesbare persone wat voorsien word van gesubsidieerde maaltye by departementeel-befondsde terreine en GVOS'e. ²⁸	N.V.T.	6 092	14 685	9 620	9 620	9 620	9 620

²⁸ Hierdie aanwyser word gekoppel aan die MTSR-aanwysers "% kwesbare huishoudings met 'n gebrek aan voedselsekerheid wat toegang tot voedsel verkry deur voedsel- en sekerheidsinisiatiewe" en "% van individue wat kwesbaar is vir honger wat toegang tot voedsel verkry deur voedsel- en voedingsekerheidsinisiatiewe".

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25
Kwesbare persone het voedingsondersteuning en werkgeleenthede.	UOWP-werkgeleenthede	5.4.1.2 Getal UOWP-werkgeleenthede geskep. ²⁹	1 359	1 441	-30	1 886	1 886	1 886	1 886

Uitsetaanwysers: jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.4.1.1 Getal kwesbare persone wat voorsien word van gesubsidieerde maaltye by departementeel-befondsde terreine en GVOS'e.	9 620	9 620	9 620	9 620	9 620
5.4.1.2 Getal UOWP-werkgeleenthede geskep.	1 886	1 886	1 886	1 886	1 886

Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermynthydperk

Hierdie program sal help met die konsolidering en rapportering van UOWP-geleenthede in die departement en die provinsie, voedselsekerheid- en maatskaplike welsynintervensies implementeer, maatskaplike insluiting deur armoedevertiging bevorder en voedingsondersteuning bied aan huishoudings met voedselonsekerheid of wat 'n risiko van voedselonsekerheid loop. Daar word voorsien dat laasgenoemde vermag sal word deur maaltye te verskaf aan individue en huishoudings wat voedselonsekerheid en wanvoeding ervaar, en wat nie deur die DvG se terapeutiese voedingsprogram gedek word nie. Om werk te maak van die toenemende vraag na voedselhulp wat vererger is deur die negatiewe sosio-ekonomiese uitdagings verwant aan die COVID-19-pandemie, het die departement sy voedingvoetspoor vergroot deur die getal voedingsterreine met 13 regoor die provinsie te verhoog. Dit is 'n strategiese intervensie ter nakoming van die maatskaplike sektor se doelwit om toegang tot voedsel vir die armes en kwesbares te verseker. Die GVOS'e sal daagliks gekookte maaltye en ontwikkelingsgerigte programmatiese intervensies (soos die deel van kennis, opvoeding, opleiding en vaardigheidsontwikkeling) aan kwesbare begunstigdes voorsien. Hierdie benadering poog om volhoubare bestaan deur die verbetering en behoud van die begunstigde se welstand te bevorder. Om die toenemende vraag na voedselondersteuning te versag, sal die program sy voetspoor vergroot deur gemeenskapskombuise te ondersteun, veral in die landelike gebiede waar geen formele GVOS'e teenwoordig is nie.

Die WKR se VIP 3 lê klem op die "Bemagtiging van mense" deur koesterende, ondersteunende en veilige omgewings te skep waarbinne gesinne kan floreer en deur toestande vir 'n gesonde leefstyl te skep om sodoende gesondheid en welstand te verbeter. Dit strook regstreeks met prioriteit 4 soos vervat in die 2019-2024 MTUR: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer", asook die Wes-Kaapse Herstelplan se tema 'Welstand'. Hierdie program gaan ook fokus op die bemagtiging van geteikende groepe en om hulle toe te rus sodat die beoogde impak behaal kan word, naamlik: "Om aan alle inwoners van die Wes-Kaap die geleenthede te bied om die verloop van hul lewens te bepaal, 'n lewe wat van waardigheid en sinvolheid spreek, en wat tegelykertyd bydra tot die opheffing en welstand van die samelewing".

²⁹ Hierdie aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal UOWP-werkgeleenthede deur DMO-programme geskep".

³⁰ Aanwyser nie in JPP gedurende die 2020/21-boekjaar gerapporteer nie. Prestasies is gemeet teen en via die UOWP se nasionale verslagdoeningstelsel gerapporteer.

Subprogram 5.5: Gemeenskapsgebaseerde Navorsing en Beplanning

Doel van subprogram

Om gemeenskappe 'n geleentheid te gee om te leer van die plaaslike lewe en omstandighede en om die uitdagings en bekommernisse waarvoor hulle gemeenskappe te staan kom, te verlig en om hulle sterk punte en bates te gebruik om aandag te gee aan hulle uitdagings.

Hierdie intervensies word transversaal binne die subprogramme bestuur.

Subprogram 5.6: Jeugontwikkeling

Doel van subprogram

Skep 'n omgewing om jongmense te help om konstruktiewe, positiewe en volhoubare verhoudings te ontwikkel terwyl daar terselfdertyd vir hulle geleenthede gegee word om hulle bevoegdhede en die nodige vaardighede te bou om as vennote by hul eie ontwikkeling en dié van hulle gemeenskappe betrokke te raak.

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25
Die jeug maak positiewe, gesonde lewenskeuses wat hulle welstand bevorder.	Vaardigheidsontwikkelingsprogramme vir die jeug is beskikbaar.	5.6.1.1 Getal jeugdiges wat aan programme in vaardigheidsontwikkeling deelneem.	14 473	16 315	12 229	10 000 ³¹	10 000	10 000	10 000
	Befondsde jeugkafees is operasioneel.	5.6.1.2 Getal befondsde jeugkafees.	11	13	12	12	12	12	12

Uitsetaanwysers: jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.6.1.1 Getal jeugdiges wat aan programme in vaardigheidsontwikkeling deelneem.	10 000	2 000	3 000	2 000	3 000
5.6.1.2 Getal befondsde jeugkafees.	12	-	-	-	12

Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk

Die sleutelfokus van hierdie program is gegrond op die holistiese en volhoubare vaardigheidsontwikkeling van jongmense om hulle meer indiensneembaar, positiever, gesonder en goed voorberei vir die lewe as 'n volwassene te maak. Die nasionale (NJB 2030), provinsiale en departementele strategieë vir jeugontwikkeling bied 'n raamwerk waarvolgens die jeugkafees en gemeenskapsgebaseerde organisasies, as sleutelbydraers, gespesialiseerde vaardigheidsopleiding bied (binne jeugkafees), met die fokus op die NEET's en jeugdiges in oorgang binne die provinsie.

Die subprogram sal die nodige ondersteuning en geleenthede faciliteer vir die jeug om toegang tot 'n reeks maatskaplike-ontwikkelingsdienste te verkry. Die doel van hierdie dienste is om 'n positiewe leefstyl, 'n doeltreffende oorgang na produktiewe volwassenheid en verantwoordelike burgerskap te bevorder deur 'n proses om 'n beplande en holistiese benadering tot vaardigheidsoordrag, opleiding en persoonlike ontwikkelingsprogramme te volg. Dit vind regstreeks aansluiting by die uitkoms: "Verbeterde indiensneembaarheid van die jeug deur vaardigheidsopleiding" van prioriteit 3: "Onderwys, vaardighede en gesondheid" soos vervat in die hersiene 2019-2024 MTUR en by die WKR se VIP 3: "Bemagtiging van mense", fokusarea 3: "Jeugdiges en vaardighede". Dit is verder belyn met die Wes-Kaapse Herstelplan se tema 'Welstand'.

Jeugkafees het ten doel om 'n veilige ruimte te bied vir die ontwikkeling van die jeug, vroue en persone met gestremdhede onderwyl hulle opleiding ondergaan. Die jeug wat die naskoolprogram

³¹ Die verlaging in die teiken hou verband met die daling in die begroting, die sluiting van een jeugkafee asook die aanvaarding van 'n hersiene en gefokusde diensmodel waarvolgens die ontlukende behoeftes van die provinsie se jeugdiges aandag sal geniet.

(binne die jeugkafees) bywoon, sal toegang hê tot hulpbronne en opleiding (met insluiting van aanlyn opleidingsgeleenthede, digitale geletterdheidsvaardighede en bevoegdhede, en virtuele asook akademiese ondersteuning deur die jeugkafee se personeel). Dit sal hulle toerus met die nodige bevoegdhede, mentorskap en koppels aan verdere geleenthede, dienste en ondersteuning om hul aspirasies en motivering te versterk, terwyl die veiligheid van kliënte en diensverskaffers terselfdertyd gehandhaaf word.

Die jeugontwikkelingsprogram sal deur die jeugkafees die gemeenskapsgebaseerde organisasies gebruik om opleiding in GGG- voorkomings en -bewusmaking te bied en dit te integreer by die gespesialiseerde opleiding en mentorskapondersteuning. Dit sal verder bydra tot omvattende seksuele opvoeding en die ontwikkeling van noodsaaklike leierskap- en lewensvaardighede, en sal bewustheid van die voorkoms van GGG in gemeenskappe verhoog.

Sleutelaktiwiteite behels onder meer die transversale en geïntegreerde gehalteversekering en standaardisering van programme, die versterking van vennootskappe met interne programme, sleuteldepartemente van die regering en beleidsonderrig, ten einde die uitkomste van die jeugontwikkelingsprogram te versterk. Soos beskikbare middele dit toelaat, sal die departement reeds gevestigde jeugkafees in die provinsie onderhou.

Subprogram 5.7: Ontwikkeling van Vroue

Doel van subprogram

Skep 'n omgewing om vroue te help om konstruktiewe, positiewe en volhoubare verhoudings te ontwikkel terwyl daar terselfdertyd vir hulle geleenthede gegee word om hulle bevoegdhede en die nodige vaardighede te bou om as vennote by hul eie ontwikkeling en dié van hulle gemeenskappe betrokke te raak.

Hierdie intervensies word transversaal binne die subprogramme bestuur.

Subprogram 5.8: Bevordering van Bevolkingsbeleid

Doel van subprogram

Om die implementering van die Bevolkingsbeleid binne alle sfere van die regering en burgerlike samelewing te bevorder deur middel van bevolkingsnavorsing, voorspraak en kapasiteitsbou, en deur die implementering van die beleid te monitor en te evalueer.

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset- aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geauditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25
Verbeterde korporatiewe oorsigbestuur en diens-lewering.	Demografiese navorsing en profiel-samestelling word ondernem om die situasie met betrekking tot die bevolking en ontwikkeling te ontleed.	5.8.1.1 Getal bevolkings-navorsingsprojekte voltooi.	1	1	1	1	1	1	1
		5.8.1.2 Getal projekte oor demografiese profiele voltooi.	6	11	6	6	6	6	6
	Programme word geïmplementeer om bewustheid te skep en 'n begrip te kweek te kweek van die kwessies rondom die bevolking en ontwikkeling.	5.8.1.3 Getal sessies vir bevolking-kapasiteits-ontwikkeling uitgevoer.	N.V.T.	N.V.T.	6	6	4	4	4

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk			
			2018/19	2019/20	2020/21		2021/22	2022/23	2023/24	2024/25
